
DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

# VRYE Weekblad

21 Julie 1989 Tel: (011) 836-2151 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



## *Designer Babb en die Somaliër*

Jacques Pauw

**GLEN BABB het vandeesweek die Nasionale Party in 'n snyerspak geklee toe hy gewapen met 'n kommunikasie-agentskap, 'n Somaliese sakeman en vreemde syfers oor die "gewapende bandiete" in Lusaka vir Wynand Malan die stryd in Randburg aangesê het.**

In wat beloof om 'n reuse-geveg in dié belangrike kiesafdeling te wees, het Babb gesê dat daardie mense wat met die ANC gaan gesels, "suckers" op safari is wat deur "gewapende bandiete" verlei word.

Malan, mede-leier van die Demokratiese Party (DP), het net die vorige dag van Lusaka af teruggekeer.

Babb het ook gesê dat navorsing wat in Oktober verlede jaar deur 'n groot buitelandse maatskappy vir die Buro vir Inligting gedoen is, getoon het dat net 19 persent van die swartmense die ANC aan bewind wil sien terwyl 82 persent nog nooit van die Vryheidsmanifes (Freedom Charter) gehoor het nie.

Malan het die syfers verwerp en Babb uitgedaag om te sê wie die opname gedoen het en wat se kennis hulle van Suid-Afrika het. Babb se beskrywing van die ANC "is nader aan 'n oorlogsverklaring" en vereis 'n verduideliking van die NP-leierskap, het Malan gesê.

Babb het in sy eerste openbare vergadering in Randburg in 'n spogklub gesê die Somaliese sakeman gaan nie sy laaste gas uit Afrika wees wat 'n verkiesingsverhoog met hom gaan deel nie.

Hy sê hy het die sakeman gevra om die vergadering toe te spreek om te wys dat daar talle swartmense ook elders in Afrika is wat ten gunste van 'n stabiele regering in Suid-Afrika is.

Die omroeper en televisie-aanbieder Tony Sanderson het hom ook vandeesweek by Babb

*vervolg op bladsy 2*

# DP se wittebrood word suur



KK en vriende... Pres Kenneth Kaunda wys 'n DP-afvaardiging die gronde van State House in Lusaka. Die DP-lede is Jannie Hofmeyr, Douw Steyn, Wynand Malan, Jannie Momberg en Tiaan van der Merwe

Elsabé Wessels

**Die Demokratiese Party se wittebrood met die breë demokratiese beweging is besig om suur te word.**

*Die party se besluit om wel kandidate in die Huis van Afgevaardigdes te stel, het die losse bondgenootskap met buite-parlementêre groepe erg geknou, en het boonop nuwe spanning binne die party veroorsaak.*

Die opmars dié week van leiersfigure van die Natal Indian Congress (NIC) en United Democratic Front (UDF) na DP-vergaderings in Natal is 'n onverbloemde oorlogsverklaring.

Die DP se besluit om kandidate in die Indiërhuis te nomineer - in weerwil van die uitgesproke teenstand van die breë demokratiese beweging - word alom as 'n oorwinning vir oud-Progs beskryf.

Hoewel wit kandidate vir die Volksraad klaarblyklik skotvry daarvan gaan afkom omdat die magsposisie van die wit Volksraad erken word en die wit demokrasie die enigste werklike demokrasie in die parlement is, gaan bruin en

*vervolg op bladsy 2*




Waar was die wittes? vra Tommy Bedford - 24

Wat is die ware gesig van die SAUK se nuwe baas - 5

Landwye veldtog van massa-verset vir Augustus beplan - 3



Dakar-safari verjaar, maar deesdae is dit mode - 10

*Vervolg van bladsy 1*

## Babb en die Somaliër

se indrukwekkende verkiesingspan gevoeg. Babb se ondersteunersgroep het vandeesweek ook die Kanadese sakekonsultant David Scott-Atkinson ingesluit wat as as die "voorsitter van die Glenn Babb-aanhangersklub" voorgestel is.

Dit is duidelik dat die Nasionale Party geweldig baie geld in die Randburg-verkiesing inpomp. Die kommunikasiekundige wat Babb in sy veldtog bystaan, is Francois Baird, 'n gewese lugmagoffisier wat onlangs in vennootskap met die gewese direkteur-generaal van die SAUK, Riaan Eksteen, gegaan het.

Die Somaliese sakeman blyk toe ene Hassan Haji Ahmed Wehelie, 45, te wees. Wehelie is die besturende direkteur van Halijo en woon al vir etlike jare in Suid-Afrika. Hy het verlede jaar 'n Staatspresidentstoekenning ontvang.

Wehelie het gesê: "Ek het nog nie die reg om hier te stem nie, maar ek wil julle aanmoedig om die Nasionale Party te steun. Ek het meer as veertig lande in Afrika besoek en voel vryer hier as in Zimbabwe of Kenia." Babb, wat deur sy kollega en LP vir Rosettenville, Sheila Camerer, as patrioties, optimisties en energiek beskryf is, het voor sy toespraak hulde aan onder meer Wehelie, Scott-Atkinson en sy skoonma in die gehoor gebring. Hy het ook Italianers in die gehoor in hul eie taal gegroet. Babb, 'n produk van die privaatskool St John's College in Johannesburg en Oxford in Brittanje, het gesê hy wil Malan, wat eerder na radikale mense as na goeie raad luister, ontnugter.

Die Buro vir Inligting se navorsing is 'n waarskuwing om nie te luister na die geraas wat die radikale leiers van die breë versetbeweging maak nie, het Babb gesê. Dit is die grootste steekproef wat nog in Suid-Afrika onderneem is en is onder 4 500 swartmense gedoen, het Babb gesê.

Hy het gesê onderhandelings met die ANC is heeltemal buite die kwessie tot tyd en wyl hulle geweld afsweer. "Geweld is steeds hulle beleid. Gesprekvoering sal wees soos om vir jou verkragter te vra hoeveel pyn jy nog moet verduur."

Gevra oor die gesprek tussen staatspresident PW Botha en die ANC-leier Nelson Mandela, het Babb gesê: "Dit is 'n ander fenomeen. Dit is baie insiggewend dat hy hom verbind het tot 'n vreedsame toekoms. Hy behoort so gou as moontlik vrygelaat te word."

# Namibia nuwe skuilplek vir weieraars?

**Jacques Pauw**

NAMIBIA kan 'n toevlugsoord vir dienspligweieraars uit Suid-Afrika word indien Swapo die verkiesing in November wen. 'n Leier van dié organisasie het vandeesweek gesê hulp en bystand sal aan alle vlugtelinge van apartheid gegee word.

Vrye Weekblad verneem 'n beduidende groep jong Suid-Afrikaners wat nie wil diensplig doen nie, woon reeds in Windhoek waar hulle hoop om Namibiaanse burgerskap te kry en diensplig vry te spring.

'n Woordvoerder van die Conscientious Objectors Support Group (COSG), Chris de Villiers, sê dit is ook sy indruk dat talle dienspligbeswaardes Namibia as 'n nuwe alternatief en tuiste sien.

Hidipo Hamutenya, Swapo se sekretaris van inligting en publisiteit, sê vandeesweek uit Windhoek: "Natuurlik sal 'n Swapo-regering jong Suid-Afrikaners wat weens apartheid weier om diensplig te doen, ondersteun en bystaan.

"Swapo het self dekades lank onder apartheid gely en daarteen geveg. Ons was self dekades lank uitgewekenes in die buiteland. Daarom het ons simpatie met gewetensbeswaardes. Hulle sal heel moontlik vlugtelingstatus kry.

"Ek moet dit egter duidelik stel dat gewetensbeswaardes sal moet bewys dat hulle weens apartheid weier om diensplig te doen en nie om ander selfsugtige redes nie."

Hamutenya sê Swapo het nog nie 'n amptelike beleid oor gewetensbeswaardes uit Suid-Afrika nie en het nog nie oor hul moontlike burgerskap of status besluit nie.

Intussen het 'n woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Weermag in Pretoria gesê gewetensbeswaardes wat na Namibia uitwyk is 'n politieke aangeleentheid waarop hy nie kommentaar kan lewer nie.

Pierre du Plessis, 'n Suid-Afrikaanse joernalis wat in Windhoek woon en nog nie diensplig gedoen het nie, sê dit is te vroeg om nou reeds van 'n "gemeenskap van dienspligweieraars" in Namibia te praat. Talle gewetensbeswaardes uit Suid-Afrika woon egter reeds daar.

Volgens Swapo se verkiesingsmanifes wat onlangs vrygestel is, sal buitelanders eers Namibiaanse burgerskap kry nadat hulle tien jaar in die land woon en nie skuldig is aan enige "fascistiese misdade" nie. Alle burgers sal ook twee jaar lank moet diensplig doen.

Gewetensbeswaardes in Namibia hoop hulle sal gouer burgerskap kry en glo dat 'n Swapo-regering nie genoeg geld sal hê om almal twee jaar lank op te roep nie.

"Dit is soveel makliker om na Namibia as enige land in die buiteland te emigreer. Hoewel daar ook hier onsekerheid oor die toekoms is, gaan dit vir gewetensbeswaardes daaroor om nie in die Suid-Afrikaanse Weermag en in die townships te dien nie," sê Du Plessis.

Hy sê Namibia is veral aanloklik omdat daar werk vir gegradueerdes en geskooldes is.

Chris de Villiers sê Namibia is nou deel van die sogenaamde "tuisland-opsie". Talle dienspligtiges wat voorheen in veral onafhanklike tuislande gaan skuil het, beskou Namibia nou as 'n alternatief.

"Beswaardes praat al hoe meer oor Namibia as 'n nuwe alternatief vir diensplig. Dit is 'n logiese keuse omdat dit minder vreemd is as enige ander buurland, of Europa of Amerika," sê De Villiers.

*Vervolg van bladsy 1*

# DP se wittebrood

Indiër-kandidate wat deur die DP genomineer is, fel onder die skoot van versetgroepe kom.

Die President van die NIC, dr Farouk Meer, het Woensdagaand op 'n vergadering op Amamzimtoti wat deur die DP-medeleier, dr Zach de Beer, toegespreek is, die DP in sterk taal die stryd aangesê en die party openlik uitgedaag om sy omstrede besluit te hersien. "Ons verafsku die DP se minagting van ons posisie. Hulle het 'n hand van toenadering weggeklap," sê Meer.

Hy het De Beer gewaarsku dat enige persoon, insluitend die drie DP-leiers, wat dit sou waag om saam met kandidate van die ander twee huise op 'n verhoog te verskyn of aan enige veldtog vir die verkiesing in die ander twee huise deel te neem in regstreekse konfrontasie met die breë demokratiese beweging sal staan.

"Ons veldtog is nie gemik op wit kandidate nie. Maar as wit kandidate hulle by bruin en Indiërkandidate vir die verkiesing skaar, sal hulle nie uitgesonder word nie. Ons gaan aktief ingryp," waarsku Meer.

Meer het De Beer uitgedaag om te voorspel wat die DP se posisie sal wees wanneer konfrontasie tussen die groepe op 'n spits gedryf word en Indiër DP-kandidate hulle beroep op die staat vir beskerming in hul verkiesingsveldog.

Die vorige leier van die Huis van Afgevaardigdes, Amichand Rajbansi, het verlede week reeds op 'n verkiesingsvergadering op Umkomaas homself in versetaksies van die NIC vasgeloop toe sy vergadering ontwrig is en hy persoonlik onder begeleiding die saal moes verlaat. Vroeër die week is die loodsing van 'n nuwe party, die National Federal Party, ook deur NIC-optrede in die kiem gesmoor.

Die breë demokratiese beweging se beleidstandpunte is gestel in 'n memorandum wat deur Meer aan De Beer oorhandig is. Hiervolgens herbevesig die breë demokratiese beweging sy posisie dat hulle die driekamerparlement verwerp en dat hulle erken dat die wit sektor 'n magsrol in die wit Volksraad kan speel. Hulle verwys ook na die "opofferinge" wat ondersteuners van die breë demokratiese beweging gemaak het in sy historiese verset teen die "stelsel".

Daar word ook geëis dat die DP hul verhouding met Allan Hendrickse en die Arbeidersparty verbreek. In Natal is bruin buite-parlementêre versetgroepe verenig onder die United Committee of Concern.

In sy reaksie teen die aanval op die vergadering het De Beer gesê dat hy respek het vir Meer se posisie, maar dat hulle op dié konflik moet "ooreenkom om te verskil."

Meer sê: "Dié houding spreek van onsensitiwiteit en 'n vertoon van politieke naïwiteit."

Meer en 80 lede van die NIC het Woensdagaand 'n vergadering van die DP in Amamzintoti wat deur die mede-leier van die DP, dr Zach de Beer, toegespreek is, ontwrig.

"Ons wou De Beer duidelik inlig oor ons ontevredenheid met die besluit van die DP om die demokratiese reg van swart gemeenskappe te ignoreer deur kandidate in hul geledere te stel," sê Meer.

"Dié verkiesings dui nie eens op demokrasie nie. In die vorige verkiesing vir die Huis van Afgevaardiges was die stemsyfer laer as 16 persent. 'n Kandidaat soos Pat Poovlingham het met 600 stemme slegs die stemme van ses persent van sy kiesafdeling gelok. Amichand Rajbansi, wat die leier van die huis geword het, het met sowat 1 000 stemme slegs 14 persent steun in sy setel gehad.

"Tog het 'n PFP-magsgroep binne die DP dié duidelike weerspieëling van die standpunt van die Indiërgemeenskap geïgnoreer," sê Meer.

Die stel van die Indiër-kandidate word as 'n magsgreep binne die DP van die ou-Progs beskryf. Sedert die loodsing van die party is daar uitgesproke meningsverskille oor deelname in die ander twee huise. Terwyl veral die sogenaamde "fifty niners" onder Prog-geledere aan al drie huise wou deelneem, is dit bekend dat Wynand Malan en Denis Worrall, asook ander lede van die nasionale raad, onder andere leiersfigure soos Peter Gastrow in Natal, ontevrede is oor die besluit. Hulle steun die smee van bande met gemeenskapsondersteunde buite-parlementêre groepe.

Drie sittende parlementslede van die Huis van Afgevaardigdes is egter verlede jaar tot die nou ontbinde Progressiewe Federale Party toegelaat en is onder die smeltingsvoorwaardes tussen die PFP, die Nasionale Demokratiese Beweging en die Onafhanklike Party tot die DP toegelaat. Verdere verkiesingsnominasies is egter deur 'n meerderheidsbesluit van die DP se nasionale raad goedgekeur, ongeag uitgesproke teenstand van vleuels binne die DP wat veral klem lê op die party se verhouding met politieke groepe binne die breë demokratiese beweging.

DP-woordvoerders was glad nie gretig dié week om hul besluit te regverdig nie òf om hul posisie te bespreek nie. Die gevoel wat 'n mens gekry het, is dat hulle dit so stil as moontlik probeer hou.

Volgens 'n lid van die DP se nasionale raad, Jasper Walsh, 'n oud-Prog, het die nasionale raad vroeg in Julie die nominering van Indiërkandidate in beginsel goedgekeur.


Daarvolgens het die Nasionale Raad die Natalse kusstreek die toestemming gegee om in samewerking met die Raad "voort te gaan met konsultasies met potensiële kandidate en om soveel as nege kiesafdelings te identifiseer."

Op 6 en 7 Julie het Walsh en Tian van der Merwe, as verteenwoordigers van die Nasionale Raad, saam met die kandidatekomitee van die Natalse kusstreek potensiële kandidate te woord gestaan om leiding te gee in die goedkeur van die aantal setels. "Gepaste" kandidate is op 14 Julie deur die kandidatekomitee van die streek aangewys.

Walsh erken dat die besluit omstrede is en dat daar botsende houdings binne die party oor die aangeleentheid is. Volgens Walsh is die besluit egter met "groot oorleg" geneem.

"Ons wil nie die brûe tussen ons en die breë demokratiese beweging en die TIC verbrand nie, maar ons moes ook omsien na die DP se Indiërlede. Mense moet nie vergeet dat die DP 'n nie-rassige party is nie," sê Walsh.

# 'Vrede word sigbaar in SA'



Wynand Malan

**Elsabé Wessels**

DIE gees vir 'n onderhandelde vrede in Suider-Afrika is wyd te bespeur, sê die mede-leier van die DP, Wynand Malan, ná gesprekke met die ANC en die Zambiese en Angolese regering.

Malan het egter beklemtoon dat "nuwe inisiatiewe" ingevoer sal moet word om die politieke skaakmat-posisie te breek.

Volgens Malan is die president van Zambië, Kenneth Kaunda, bereid om op 'n voortgesette grondslag kontak te hê met die Nasionale Party-regering in Suid-Afrika indien 'n voorlopige ontmoeting suksesvol is en dit die vredesproses sal aanhelp.

Ook die ANC het aan Malan gesê dat hulle bereid is om met die Suid-Afrikaanse regering in gesprek te tree om 'n klimaat vir vredesonderhandelinge te skep. So 'n ontmoeting sou enige plek, selfs in Pretoria, kon plaasvind, sê Malan.

Malan en lede van die Demokratiese Party, onder andere Tian van der Merwe, Jannie Momberg en Jannie Hofmeyr het met hul terugkeer die positiewe gees vir onderhandeling wat hul aangetref het, beklemtoon.

Die doel van die besoek was om die betrokke partye "nader aan 'n onderhandelingsposisie te druk en hulle te oortuig om hul voorvereistes vir onderhandeling te laat vaar. Ons het nie steun gaan soek vir die DP nie. Ons is verbind tot die skep van 'n klimaat van onderhandeling", sê Malan.

Malan het die belangrikheid van streeks- en internasionale politieke drukgroepe beklemtoon vir 'n onderhandelde vrede in Suider-Afrika.

'n Positiewe en eerlike benadering van regeringskant kan die skaakmatposisie loswikkel, sê Malan. Sy party steun gesprekke met die ANC en glo geen onderhandelingsproses kan sonder hul teenwoordigheid geskied nie.

Die ANC se omstrede beleid van 'n gewapende stryd het volgens Malan "noodwendig" onder bespreking gekom. Malan sê hy was getref deur die "geweldige eise" wat aan die ANC gestel word om dissipline te handhaaf om 'n natuurlike uitbreiding van die gewapende stryd te beheer. Die ANC is verbind tot 'n gewapende stryd om politieke posisies af te dwing, maar dit is nie gerig op siviele of sagte teikens nie. Die ANC is duidelik meer buigsaam en pragmaties oor geweld as in die verlede, sê Malan. Hy verwerp aantygings dat sy party "sag op sekuriteit" is.

"As jy vrede wil hê, moet 'n mens praat met jou teenstanders en vyande. Vredesooreenkomste word tussen vyande gesluit, en nie vriende nie, sê Malan.

Volgens Malan het die Angolese minister van Justisie, Fernando van Dunem, daarop gewys dat 'n post-apartheid Suid-Afrika kan leer by die die gebeure wat op die bevryding in Angola gevolg het. Volgens Malan het Van Dunem die politieke en ekonomiese probleme beklemtoon wat die grootskaalse uittog van koloniale groepe ná inheemse magsoorname, tot gevolg gehad het.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Massaverset vir Augustus beplan

**Jacques Pauw**

AUGUSTUS kan 'n maand van massaverset in Suid-Afrika word wat tot ernstige konfrontasie tussen die breë demokratiese beweging en die regering kan lei. 'n Versetveldtog wat reeds maande lank deur anti-apartheidsorganisasies beplan word, begin einde vandeesmaand in Johannesburg.

Vrye Weekblad verneem dat ingeperkte leiers van die UDF en geaffekteerde geaffilieerde organisasies hul maatreëls by die sesde verjaardag van dié organisasie op 20 Augustus by 'n massavergadering gaan oortree.

Die breë demokratiese beweging gaan die regering uitdaag om verdere stappe teen sy ingeperkte leiers en organisasies wat aan bande gelê is, te neem. Die leierskap glo die regering gaan huiwerig wees om so kort voor die verkiesing en met die nuwe, positiewe gees hier en in die buiteland stappe te doen.

Anti-apartheidsorganisasies wat organisasies van die UDF, Cosatu, die Five Freedoms Forum (FFF) en Actstop insluit, het vandeesweek in Johannesburg vergader om datums vir die versetveldtog te bepaal.

Tussen 30 Julie en die verkiesing op 6 September word die aanslag op apartheid op vier fronte beplan:

* Die veldtog gaan begin met siek swartmense wat gaan aandring op mediese behandeling by wit hospitale. Die versetveldtog hoop dat die weerhouding van mediese sorg aan swartmense by wit hospitale wat half leegstaan 'n yslike verleentheid vir die regering sal word.

* Die Wet op Afsonderlike Geriewe gaan op 'n wye front oortree word. Vrye Weekblad verneem dat aanvanklike planne om swart kinders by wit skole in te skryf, vir eers laat vaar is.

* Die versetveldtog bereik op 20 Augustus sy hoogtepunt met die verjaardagviering van die UDF. Vrye Weekblad verneem dat planne reeds ver gevorder is om ingeperkte persone en organisasies wat onder die noodmaatreëels aan bande gelê is, te laat optree.

* 'n Landwye wegblyaksie word vir die verkiesing op 6 September beplan. Die sekretaris-generaal van Cosatu, Jay Naidoo, het reeds gesê dat hy sy een miljoen lede gaan organiseer in 'n protesaksie net voor die verkiesing.

'n Leier van 'n UDF-geaffilieerde organisasie het vandeesweek gesê dat verdere optrede na die verkiesing beplan word. 'n Anti-apartheidskonferensie word vir later vanjaar net voor die Statebondskonferensie gereël.

Die breë demokratiese beweging glo dat die regering ook die konferensie moeilik sal verbied omdat dit 'n yslike verleentheid vir die Britse eerste minister, Margaret Thatcher, by die Statebondskonferensie kan word.

Die UDF-leier het gesê dat ingeperktes reeds in die stadium hulle inperkmaatreëls wyd oortree sonder dat stappe teen hulle gedoen word. Sommige organisasies gaan bloot onder ander name met hulle bedrywighede voort.

Gael Neke, publisiteitsekretaris van die FFF, het vandeesweek bevestig dat die versetbeweging einde vandeesmaand begin, maar wou nie enige datums bekend maak nie.

# Times-redaksie stap uit oor inmenging

**Anton Steenkamp**

DIE hele redaksie van die Times of Namibia, algemeen bekend as Namibia se mees objektiewe koerant, het gister bedank uit protes teen inmenging in redaksionele beleid deur die bestuur van die DTA-gesinde Die Republikein Pers, aan wie die koerant verlede week verkoop is.

Die Times, wat die enigste onafhanklike, nie-partygebonde koerant in Namibia was, is aan Die Republikein Pers, wat ook die DTA-koerant Die Republikein uitgee, verkoop deur die vorige bestuurder, Ken Howes, 'n DTA-bestuurslid, sonder dat die redaksie geraadpleeg is.

Die leier van die DTA, Dirk Mudge, is ook voorsitter van die direksie van Die Republikein Pers.

Die probleme het begin toe die Parents' Committee of Namibia, wat sterk teen Swapo gekant is, 'n volblad-advertensie in Woensdag se koerant wou plaas wat lui: "Swapo se Gestapo moet boet".

Die advertensie beskuldig Swapo daarvan dat hulle 'n terreurmag aanhou, gelykstaande aan Hitler se berugte geheime polisie, wat vir "die Führer" gemoor, gemartel en verkrag het.

Die redaksie het oorspronklik geweier om die advertensie te plaas, omdat hulle gevoel het "dat dit in die huidige politieke klimaat haat sou aanblaas, eerder as om versoening en nasiebou te bewerkstellig," sê die redakteur, Jean Sutherland.

Volgens regsadvies wat hulle ingewin het, was die advertensie ook lasterlik.

Toe die advertensie Woensdag nie verskyn nie, het die persoon wat die advertensie wou plaas, Nico Basson van African Communications Project, die Times opgebel. Volgens 'n verslaggewer, Pierre du Plessis, het Basson op die sekretaresse gevloek.

Die bestuurder van Die Republikein Pers, Nic Kruger, het toe gesê dat die advertensie gisteroggend sou verskyn.

Die redaksie het ingestem, maar toe 'n voorblad-hoofartikel geskryf waarin hulle verduidelik dat die opstook van emosies van haat en vergelding indruis teen hul beleid van nasionale versoening en nasiebou ná die bitter burgeroorlog waardeur Namibia gegaan het.

Hulle het daarop gewys dat hulle net so min om vergelding teen lede van Koevoet sou vra as teen lede van Swapo.


Toe die proewe vir gisteroggend se koerant by die drukker aankom, is die hoofartikel deur Kruger verwyder en vervang met 'n foto.

Die hele redaksie het kort daarna hul bedankings ingedien.

Volgens lesers in Windhoek was die Times die enigste koerant in Namibia wat deurgaans die nuus objektief weergegee en ewe veel dekking aan strydende partye soos die DTA en Swapo gegee het.

Van die linkerkant is hulle soms uitgeskel as 'n DTA-koerant, en van die regterkant as 'n Swapo-koerant.

Die Times, wat slegs 15 maande gelede as 'n weekblad begin het, het op 3 April vanjaar 'n dagblad geword. Berigte is in Engels, Afrikaans en Oshiwambo gepubliseer.




**Die gewraakte advertensie wat die Times of Namibia se redaksie laat bedank het**

# yrvlëoV die duiwel in!

**DR JANNIE MALAN, bekende NG-predikant en kampvegter teen "duiwels-geïnspireerde" popmusiek, sê in die jongste uitgawe van Die Kerkbode, die mondstuk van die NG Kerk, dat wanneer die Voëlvrylangspeler agteruit gespeel word, dit verskuilde boodskappe bevat. In die artikel sê hy dié boodskappe "val die godsdiens en die grondliggende waardes wat God se Woord vooropstel, onbeskaamd aan".**

**Shifty Records, die vervaardigers van die plaat, oorweeg regstappe teen Malan.**

**'n Woordvoerder van 'n bekende platemaatskappy het gewaarsku dat wanneer 'n mens plate agteruit speel dit jou platespeler se naald kan beskadig.**

# 'Gestapo'-buro's - 'n rassistiese heksejag

**Jacques Pauw en AFP**

DIE Regering het sewentig "Gestapo"-amptenare aangestel om die Groepsgebiedewet te monitor en ondersoek in te stel na klagtes oor swartmense wat in wit gebiede woon. Die amptenare begin op 1 Augustus in hul nuwe poste.

Dié stap van die regering is in ooreenstemming met die aankondiging van die regering by die federale kongres van die Nasionale Party in Pretoria verlede maand dat hy die Groepsgebiedewet "met deernis" gaan toepas en dat die polisie nie meer oortredings gaan ondersoek nie.

Die aanstelling van die "Gestapo"-amptenare is vandeesweek wyd veroordeel as 'n "rassistiese vendetta" teen swartmense in blanke gebiede. Buurman word nou aangemoedig om op buurman te spioeneer.

Dit blyk nou dat dié visie van die regering die beplande wêreld-rugbytoer later vanjaar in gedrang kan bring. Die Australiese ambassadeur in Suid-Afrika, Colin McDonald, sê die aanstelling van die amptenare kan nie misgekyk word wanneer daar oor toekomstige sportbande met Suid-Afrika besluit word nie.

'n Woordvoerder van die die departement van plaaslike regering en behuising het gesê die amptenare sal ondersoek instel na klagtes oor die oortreding van die Groepsgebiedewet.

Waar die klagtes geldig is, sal die amptenare probeer om vir oortreders alternatiewe behuising in hul eie groepsgebiede te vind. Die amptenare sal "hervestiging" as 'n alternatief vir vervolging toepas.

Indien oortreders hervestiging weier, sal die departement 'n "finale ondersoek" las wat in vervolging mag eindig, het die woordvoerder gesê. Hy het die benaming "Gestapo-buro's" verwerp.

Die minister van Inligting, dr Stoffel van der Merwe, het onlangs by 'n perkonferensie gesê dat die polisie voortaan net in uitsonderlike gevalle by 'n ondersoek na die oortreding van die Groepsgebiedewet betrek sal word.

Die mede-leier van die Demokratiese Party, Denis Worrall, het die week uit Durban gesê dat die aanstelling van die amptenare 'n terugkeer is na die "rassistiese vendetta van die jare vyftig".

"Hierdie is 'n uitnodiging aan die mees rassistiese, reaksionêre en agterlike elemente in ons samelewing om hulself te laat geld. Ons is terug in die dae toe spioenering op jou buurman aangemoedig is net omdat sy vel donkerder as joune is," het Worrall gesê.

Peter Soal, DP-LP vir Johannesburg-Noord, het die aanstelling van die amptenare beskryf as 'n "goedkoop, vuil manier van die regering" om regse stemme te probeer terugwen.

## Universiteite in 'n veranderende Suid-Afrika

'n KONFERENSIE oor die rol van universiteite in die veranderende sosio-politieke omstandighede in Suider-Afrika word volgende naweek by die Universiteit van Pretoria gehou.

Onder die bekende sprekers wat sal optree, is Hein Willemse, Es'kia Mphahlele, Ruben Sher, Johan Degenaar, Neville Alexander, Nthato Motlana en Franklin Sonn.

Verdere navrae en registrasie by prof W Fouché, Dept Wiskunde, Universiteit van Pretoria 0002; Tel (012) 420-2788 of 807-0449 (na ure).

Die konferensiefooi is R30.

# Regses, bekeer julle, sê kerklui

**Elsabé Wessels**

"DIT is nie Christene in die bevrydingstryd wat van kettery beskuldig moet word nie, maar regse kerkgroepe wat in die naam van die Christendom hul steun toesê aan regerings wat ware vryheid en geregtigheid met geweld onderdruk."

Dit word gesê in 'n beleidsverklaring van Christene uit sewe Derde Wêreld-lande, waaronder Suid-Afrika, wat hierdie week bekend gemaak is. Die ander lande is Namibia, Suid-Korea, die Filippyne, El Salvador, Nicaragua en Guatemala.

Die Pad na Damaskus, 'n kerklike beleidsverklaring soortgelyk aan die Kairos-dokument, is dié week deur Vader Smangaliso Mkhatshwa, sekretaris van die Instituut van Kontekstuele Teologie (IKT), in Johannesburg vrygestel. Dit is terselfdertyd in die ander lande vrygestel.

Die dokument, waarin gemeenskaplike toestande van onderdrukking uitgespel word, loods 'n skerp aanval op "regse kerkgroepe wat hulself in die naam van Christendom aan die kant van die onderdrukker skaar", sê Mkhatshwa.

Hy sê regse groepe in Suid-Afrika probeer bevrydingsteologie verdag maak met woorde soos "kommunisme en terrorisme" en met skerp persoonlike aanvalle op kerkleiers wat hul by die bevrydingstryd skaar.

In Die Pad na Damaskus word hulle optrede blootgelê. Hulle word egter nie beswadder nie maar gevra om hulself te bekeer.

Volgens die dokument is drie kernprobleme in dié sewe lande geïdentifiseer: steun vir die staat deur regsgesinde kerkgroepe, 'n ideologie van staatsveiligheid, en 'n oorlog van lae intensiteit teen landsburgers wat 'n toenemende teenwoordigheid van die Weermag in die gemeenskapslewe beteken.

In die dokument word regse Christelike groepe van "verafgoding, godslastering en geveinsdheid" beskuldig.

Regse godsdiensgroepe wat in Suid-Afrika geïdentifiseer word, is:

* "regse kerke" soos die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Rhema Kerk en Christian City, wat teen politieke betrokkenheid preek;

* regse groepe binne bestaande kerke, soos die Anglikaanse Kerk se Anglicans Concerned for Truth and Spirituality;

* evangelistiese groepe soos Christ for All Nations wat hulself as apolities sien maar die status quo ondersteun, en

* staatsgesteunde groepe soos die United Christian Conciliation Party.

Dié groepe word in 'n dokument van die IKT gelys. Volgens die IKT probeer dié groepe 'n magsbasis in die townships bou as 'n teenvoeter vir versetgroepe en kerke wat bevrydingsteologie verkondig.

Sowat 539 kerkleiers in Namibia en Suid-Afrika, onder andere dr Alan Boesak en dr Beyers Naudé, het die dokument onderteken.

# Die ware gesig van die nuwe "onpartydige" SAUK-baas

**Pierre de Vos**


Die nuwe voorsitter van die SAUK-raad, professor Christo Viljoen, "sou 'n goeie direkteur-generaal vir Krygkor gewees het waar sy styl honderd persent sou inpas, maar by die SAUK gaan hy nog teëspoed optel," voorspel 'n SAUK-bron.

Die "verligte" beeld wat Viljoen so sorgvuldig sedert sy aanstelling aan die einde van verlede jaar by die pers en die publiek opgebou het, is aan die verbrokkel.

Tot so onlangs as 1987 tydens die vorige wit verkiesing was hy nog aktief by die Nasionale Party se organisering betrokke. Hoewel hy 'n PW Botha-man was, het hy hom gou by die FW de Klerk-kamp geskaar.

Viljoen, wat ook dekaan van die ingenieursfakulteit van die universiteit van Stellenbosch is, het in die vorige verkiesing help organiseer aan 'n geheimsinnige vergadering op Stellenbosch wat deur die destydse NP-leier PW Botha, toegespreek is.

Hoewel die SAUK nie poog om objektief te wees nie en by monde van sy vorige direkteur-generaal, Riaan Eksteen reeds verklaar het dat hy nie oor buite-parlementêre groepe verslag sal doen as dit hulle in 'n goeie lig stel nie, poog die organisasie tog om binne die raamwerk van die wit politiek 'n beeld van objektiwiteit voor te hou.



Prof HC Viljoen

Viljoen se vermoë en wil om selfs binne die parlementêre raamwerk van die SAUK onpartydig te bly, is egter in gedrang nadat dit aan die lig gekom het dat die voorsitter van die SAUK raad:

* Ten minste tot 1986 nog 'n verkose lid van die NP se dagbestuur op Stellenbosch was;
* Lid was van 'n informele komitee van dosente wat die NP onder studente moes "verkoop";
* Deur 'n destydse NP-studentetaklid beskryf word as "die mees aktivistiese dosent wat by die NP op Stellenbosch betrokke was";
* Sedert sy aanstelling selfs die voorproduksie vergaderings van TV-programme bywoon om "'n ogie oor sake te hou".

## 'Hy sou goed gevaar het as Krygkor se baas'

Die vergadering met Botha wat in Maart 1987 in die Voortrekkerlaer in die Stellenbosse voorstad Uniepark gehou is, is ook deur die NP-LP vir Stellenbosch, Piet Marais, die destydse SR-voorsitter en ondervoorsitter en ander NP studenteleiers bygewoon. Die vergadering het gevolg nadat 'n groep bekende US-dosente wat as "besprekingsgroep US" bekend gestaan het, uit die NP bedank het. Die leier van die besprekingsgroep, prof Sampie Terreblanche, is kort na sy bedanking uit die NP nie tot die SAUK-raad herkies nie vanweë sy "direkte partypolitieke betrokkenheid". Viljoen was destyds ondervoorsitter van die raad. Die bedanking van die dosente het groot opspraak gewek en ook gunstige publisiteit in die Sondagpers geniet, wat na bewering daartoe bygedra het dat dr Wimpie de Klerk 'n paar weke later as redakteur van Rapport afgedank is.

Die vergadering is toe gehou omdat die groep volgens die NP-LP vir Stellenbosch, Piet Marais, "moeg (was) vir die eensydige sentiment wat so baie publisiteit op Stellenbosch geniet het.".

Die vergadering het die vorm van 'n vra-en-antwoord-sessie aangeneem, waarin die NP-leierskap op Stellenbosch sekere vrae aan Botha gestel het om "skietgoed" vir die taai verkiesingstryd teen die Onafhanklike dr Esther Lategan te kry.

Intussen het vrae ook ontstaan oor Viljoen se posisie by die SAUK na FW de Klerk se verkiesing tot NP-leier. Viljoen is volgens een politieke waarnemer "met 'n kruiwa deur die Kaapse establishment by die SAUK ingestoot". Viljoen was Heunis en Botha se keuse as voorsitter van die SAUK-raad en is aangestel nadat PW Botha daarin geslaag het om vir Eksteen met 'n goue handdruk by die SAUK uit te skop, het die waarnemer gesê.

Die vraag word nou gevra of Botha - wat berug was vir sy inmenging by die SAUK - vir Viljoen sou aangestel het as hy gedink het dat Viljoen nie "te vertrou is nie".

Die feit dat FW de Klerk nou die NP se leisels oorgeneem het, beteken egter nie dat Viljoen se verhouding met FW net so onstuimig soos dié tussen PW en Eksteen gaan wees nie, het die waarnemer gesê.

"Inteendeel, Viljoen was gou om die nuwe establishment se guns te wen. Hy is deesdae pouser as die pous om sy 'credentials' te bewys."

Viljoen het onlangs op TV en in onderhoude in die pers benadruk dat hy geen inmenging by die SAUK sal duld nie. Viljoen was egter ondervoorsitter van die raad toe PW Botha vir Eksteen gebel het om te kla oor die SAUK se dekking van eerw Allan Hendrickse se bedanking. Hy het dieselfde pos beklee toe Botha vir Sakkie Burger op verkiesingsnag oor die telefoon verskreeu het. Nogtans het hy niks daaroor gesê of geen stappe geneem nie.

'n Ingeligte bron wat tydens die voorsitterskap van prof Wynand Mouton baie nou by die SAUK betrokke was, het aan Vrye Weekblad gesê dat dit "absurd" en "arrogant" van enige SAUK-voorsitter sou wees om te sê dat hy nie inmenging sal duld nie.

"Die voorsitter is baie kwesbaar, veral as ek onthou hoe PW vir Mouton sleggesê het. Die druk op hom was geweldig."

Viljoen het benadruk dat hy as hoof-indoena van die SAUK gaan klem lê op tegnologiese uitnemendheid om die SAUK te verbeter en beter diens aan die advertensiebetalers te lewer. Kommer bestaan egter oor hoe hy sy strewe na "high tech doeltreffendheid" gaan versoen met die artistieke integriteit en vryheid wat so nodig is om programme van gehalte te maak.

Hy het onlangs selfs op 'n informele vergadering vir SAUK-vertalers ingesit. "Hy gaan soos 'n 'bull in a china shop' wees tussen die brose ego's by die SAUK," het een bron voorspel.

"Hy sou 'n goeie direkteur-generaal vir Krygkor gewees het waar sy styl honderd persent sou inpas, maar by die SAUK gaan hy nog teëspoed optel," het die bron voorspel.

Viljoen kon ná herhaaldelike pogings nie vir verdere kommentaar opgespoor word nie.

# Kyk waar gaan Afrikaans nou heen!

**Die voertaal op Cosatu se onlangse kongres in Johannesburg was Engels. Behalwe wanneer die 24-jarige vise-president van die South African Railway and Harbour Workers Union (Sarhwu), John Potgieter, gepraat het. Hy het die woord in Afrikaans gevoer. In dié onderhoud met CHARLES LEONARD vertel hy van sy agtergrond en sy lewe as werker**


"MENSE beland in Cosatu as gevolg van die politieke omstandighede in die land," sê hy agter sy lessenaar in Sarhwu se hoofkantoor in Johannesburg.

Hul kantore is bo-op 'n kruiewinkel in 'n deel van die stad wat geleidelik deur geldkorporasies se blink geboue ingeneem word.

"Ek het in 1986 met die begin van Sarhwu by die vakbondwese betrokke geraak. In die werksplek self word jy blootgestel aan blatante rassediskriminasie. Werkers kom dan bymekaar sodat ons vir ons regte kan baklei en te kyk of dinge nie dan verbeter nie.

"Hoe skei jy die politieke omstandighede van wat op die werksfront gebeur? Jy kom tot die gevolgtrekking dat dit haas onafskeidbaar is. Dit alles is nog 'n verdere dryf in die rigting van Cosatu omdat hulle ook só glo."

Sy betrokkenheid by Cosatu het veroorsaak dat hy op 3 Januarie vanjaar afbetaal is: "Daar was 'n doelbewuste veldtog teen my. Daar is fout gevind met alles wat ek gedoen het. Selfs al was ek net vyf minute laat, is dit as 'n ernstige oortreding beskou."



John Potgieter
*(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)*

John is in Upington gebore. Hy het op 'n karakoelplaas, waar sy stiefpa skape opgepas het, grootgeword.

"Ons het harde dae gehet daar. Net pap en vleis - die lammertjies jy weet. Hulle het dit drooggemaak en dan is dit gestamp en gekook.

"Goeters soos groente was 'n luxury - dit het krismis gekom en miskien een maal 'n maand."

Hy het in Upington skoolgegaan, is later Kaap toe waar hy standerd vier behaal het. Sy stiefpa het hom aan die begin van standerd vyf uit die skool gehaal en hy het as 14-jarige by Kraaifonteinse munisipaliteit begin werk.

John het later as sub-kontrakteur vir sy oom in Rundu, Namibia gewerk, teruggekom en op 1 Maart 1984 by die spoorweë begin werk.

In 1987 is hy as voorsitter van Sarhwu in die Noord-Kaapland verkies. Dit is waar sy eerste probleme met die Vervoerdienste (Sats) begin het.

Hy het T-hemde in die woongebied verkoop en geld by die werk ingesamel. Dit het hom op die rooitapyt laat beland.

"Die spoorweë het baie wette wat hulle in werking stel net wanneer dit hulle pas. Van die wit base verkoop eiers, botter en selfs hoenders daar, maar hulle beland nooit in die moeilikheid nie."

Dinge het net vererger: "In die openbare sektor is dit 'n kwessie van bound en gagged - vat dié en hou jou bek!

"Hulle sê ons is kommuniste, maar hulle mag met hulle AWB-wapentjies rondloop. As jy jou bek rek, is die veiligheidspolisie daar."

Hy is al aangerand as gevolg van sy uitgesprokenheid.

John se betrokkenheid het gemengde reaksie by sy familie uitgelok.

"Ek kom uit 'n Pinkster-agtergrond en dit het 'n geweldige invloed op my gehad. Ek was 'n goeie kerkganger - nie dat ek nou 'n slegte een is nie - en daar was die hoop dat ek 'n pastoor sou word. Hulle kon die potensiaal in my sien en die manier hoe ek met mense kan praat en hulle inspireer.

"My ma-hulle voel glad nie gelukkig oor Cosatu nie, terwyl die jonger mense in my familie heeltemal saamstem.

"In ons kerkgeledere is dit baie konserwatief. As hulle begin positief staan oor vakbonde, dan moet jy weet dat 'n groot verandering plaasvind.

"Mense in die rural areas is natuurlik nie op dieselfde vlak as dié in die stede as dit by politieke betrokkenheid kom nie.

"Die stelsel maak dit tog vir ons mense duidelik dat dit nodig is om te organiseer en saam te veg."

Daar is 'n interessante debat in Cosatu oor godsdiens aan die gang.

"Die debat gee jou ook huiswerk. Die staat behoort nie 'n instelling van vrees te wees nie, maar as hulle sê dat dit deur God ingestel is, het ek 'n probleem daarmee. Dan glo ek dit definitief nie, want anders sou God mos nie kant gekies het teen Farao nie. Hy sou mos nie iets instel en daarna kant kies daarteen nie. God is mos nie iemand wat vacillate nie, Hy bly consistent."

John het op die Cosatu-kongres in Afrikaanse sy sê voor die 2 000 afgevaardigdes gesê.

"Afrikaans kan die taal van die bevrydingstryd word. As ons van die rural areas praat, kan ek nie sien hoe ons hulle aktief kan betrek as ons dit nie in Afrikaans doen nie. Hy het 'n ereplek in die vryheidstryd nodig."

Hoewel John afgedank is by die vervoerdienste, sien hy nog steeds 'n toekoms vir hom daar: "Ek wil graag 'n loopbaan in die vervoerdienste hê en dit dan uitbou."

John het deur 'n korrespondensiekollege verder studeer en kort nog 'n paar vakke vir sy matriek.

"As ek my matriek het, sal ek graag verder wil studeer. Iets soos 'n BA met ekonomie. Dit sal natuurlik aan een van die Afrikaanse universiteite wees," sê die man wat sy verlowing moes uitstel na sy afbetaling.

Sy lewensfilosofie is eenvoudig: "Ek glo aan respek en eer, vir my jonger broer tot my oudste broer, vir die staatspresident, vir Nelson Mandela - dit geld almal, verstaan jy.

"Ek glo ons is eers Suid-Afrikaners en daarna al die verskillende kultuurgroepe. As almal gesien word as Suid-Afrikaners, sal ons kan saamsing: Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika."



Helvi, die 90-jarige ma van Sam Nujoma in Ongandjera.
*Foto: Philip Littleton, AFP*

# In die woestyn wag 'n ou vrou op haar Sam

**Christian Chaise**

ONGANDJERA, Namibia - Op 'n plaas in 'n afgeleë hoek van die Namibiese woestyn sit 'n ou vrou en wag vir die terugkeer van haar seun, wat reeds 30 jaar in ballingskap is.

Sy is Helvi Tschombe, 'n 90-jarige weduwee, en haar seun is Sam Nujoma, wat heel waarskynlik die eerste president van 'n onafhanklike Namibia gaan word.

Tschombe, wat op die familieplaas naby die dorpie Ongandjera in die verre noorde van die land woon, het haar seun nog nie gesien sedert hy die land in 1960 verlaat het nie.

Dit is ook nie duidelik wanneer hy gaan terugkom nie. Hage Geingob, Swapo se verkiesingsdirekteur, het onlangs gesê Sam Nujoma "se koffers is gepak".

Maar Swapo se direkteur van openbare betrekkinge en buitelandse sake, Theo-Ben Gurirab, het gesê Nujoma is nie sy eie baas nie en sal waarskynlik die heel laaste van Swapo se leiers wees om terug te keer, waarskynlik net voor die verkiesing.

Verskeie van Swapo se stigterslede het verlede maand teruggekeer om aan die verkiesingsveldtog deel te neem.

Tschombe is bang haar seun se politieke bedrywighede sal hom in Windhoek hou, en dat hy nie tyd sal hê om die reis na die noorde aan te pak nie.

"Sal hy huis toe kom?" vra sy in haar moedertaal, Oshiwambo.

Sy is klein en tingerig maar aktief - sy werk nog steeds in die lande.

Sy dra 'n gebleikte rok met 'n roospatroon en 'n pienk wolmus. Sy groet 'n Swapo-lid hartlik wat na 16 jaar in ballingskap na die dorpie teruggekeer het.

Een van Tschombe se vyf seuns is in die sewentigerjare in gevegte teen Suid-Afrikaanse troepe in Angola dood, en drie ander, insluitende Sam, is in ballingskap, sê sy.

Sy woon op 'n klein plasie saam met drie dogters en vyf kleinkinders. Hulle produseer 'n klein oes van mahango, pampoene en neute.

Die laaste keer wat sy Sam Nujoma gesien het, was in Februarie 1960, net voordat hy die land verlaat het. Dit was toe, sê sy met 'n glimlag, dat sy self by Swapo aangesluit het.

Sy het nou en dan boodskappe van haar seun deur tussengangers ontvang. Die Suid-Afrikaanse Weermag het ook op twee geleenthede briewe van haar seun aan haar oorhandig. Sy is toegelaat om dit te lees voordat hulle dit weggeneem het.

Sy sê sy is nooit aangehou nie, maar Suid-Afrikaanse troepe het haar soms gepla. Hulle het haar gevra of Sam geld aan haar stuur, maar sy het gesê: "Swartmense het nie geld nodig nie. Ons het reën nodig. As God vir ons goeie reën gee, is dit al wat ons nodig het." - AFP

# SA skep 'oorlogshisterie', sê Swapo

WINDHOEK - Swapo het die Administrateur-Generaal van Namibia, Louis Pienaar, dié week daarvan beskuldig dat hy 'n "oorlogshisterie" probeer skep deur sy stelling dat 1900 Swapo-soldate 'n nuwe inval in Namibia beplan.

Theo-Ben Gurirab, Swapo se direkteur van openbare betrekkinge en buitelandse sake, sê gedemobiliseerde Suid-Afrikaanse troepe en paramilitêre eenhede is gevegsgereed gemaak nadat Pienaar dokumente aan diplomate in Windhoek gestuur het waarin hy sê Swapo-guerrillas is gereed om Namibia binne te val.

Op 1 April, die begindatum van die VVO se onafhanklikheidsplan, het omtrent 1600 Swapo-guerrillas Namibia binnegeval. Altesaam 330 van hulle is in gevegte met Suid-Afrikaanse troepe dood.

Gurirab het planne vir 'n nuwe inval ontken en die Administrasie van Namibia se stellings as 'n "vals alarm" beskryf wat daarop gemik is om Swapo as die "bad guys" voor te stel wat die VVO se onafhanklikheidsplan wil saboteer.

Gurirab het gesê Pienaar het beweer die inval sou op 15 Junie plaasvind en dat tussen 700 en 800 swaargewapende soldate reeds in die gebied is en aktief aan politieke vergaderings deelneem.


Die Suid-Afrikaanse administrasie het sy bronne aangehaal as "ongespesifiseerde lede van die plaaslike bevolking" in Noord-Namibia sowel as militêre intelligensie en Unita.

Verlede Saterdag het verteenwoordigers van die VVO, Swapo, Angola en Tanzanië die gebied besoek en Maandag het die VVO gesê daar is "geen waarheid" in die beweringe nie.

Gurirab het gesê Suid-Afrika "fabriseer ongeoorloofde en verreggaande" beweringe om sy eie oortredinge van die vredesooreenkoms deur lede van Koevoet, wat nou in die SWA Polisie opgeneem is, te verbloem.

Hy het gesê Swapo het uitgevind dat 101 Bataljon op 'n gereedheidsgrondslag geplaas is. - AFP

# Veels geluk met jou verjaardag Kameraad Nelson Mandela



Ons, die vredeliewende mense van Suid-Afrika, wens jou, ons leier, geluk met jou 71e verjaardag en wens dat jy vry was om dié dag saam met ons te vier.

Ons ondersteun jou standpunt dat 'n gevangene nie in 'n posisie is om kontrakte te sluit met die mense wat hom of haar aanhou nie of om betekenisvol met hulle te onderhandel nie.

Ons wil van die geleentheid gebruik maak om die basiese voorwaardes vir betekenisvolle onderhandeling te herhaal:

* die onvoorwaardelike vrylating van alle politieke gevangenes
* die opheffing van die Noodtoestand
* die ontbanning van die ANC en alle ander politieke organisasies
* die terugkeer van bannelinge

Ons herbevestig ons liefde vir en geloof in jou, en sien uit na die dag wat ons saam as vry mense jou verjaardag kan vier.

**Uitgereik deur die Mandela-verjaardagkomitee**

# Só word ons kinders weerbaar

**Veldskole het in die laaste weke kwaai onder skoot gekom nadat die moordenaar Barend Strydom en die ANC-guerrilla Hein Grosskopf vertel het van die invloed wat die weeklange skoolkamp op hul politieke denke gehad het. Die een se volkstrots is verskerp, die ander het 'n weersin in die stelsel ontwikkel. JACQUES PAUW kyk na die leerplan vir veldskole en kinders vertel van hul eie wedervaringe by dié skole**

DIE "oom" het gewaarsku dat hy enige kind wat nie 'n Christen is nie of 'n organisasie soos Swapo en die ANC ondersteun, tot in die hospitaal sal klap. En pas op maar vir Johannes Kerkorrel, het hy bygevoeg, want hy ondermyn die Afrikaanse kultuur en spot met oom Paul Kruger.

Dít, sê 'n vyftienjarige hoërskoolleerling, is wat hom sal bybly van sy veldskoolkamp wat hy in April vanjaar vir 'n week lank moes bywoon.

Duisende laer- en hoërskoolleerlinge in Suid-Afrika, en veral in die Transvaal, woon elke jaar veldskole by - avontuurkampe waar seuns en meisies vir 'n week lank gedurende skooltyd afgesonder en "weerbaar" gemaak word.

Die skole, waarvan daar minstens tien in die Transvaal bestaan, het in die afgelope tyd skerp onder die soeklig gekom nadat die moordenaar Barend Strydom en die ANC-guerrilla Hein Grosskopf vertel het van die invloed wat veldskole op hul latere politieke denke gehad het.

Vir 'n geruime tyd word daar aantygings van rassisme, seksisme en breinspoeling teen die veldskole en hul onderwysers gemaak. Verskeie opvoedkundiges en politici het gevra vir 'n kommissie van ondersoek oor die invloed daarvan op ons jeug.

In die leerplan van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) word die doel van veldskole so beskryf: "Hoe om in 'n korrekte (behoorlike) verhouding met homself, met sy naaste (alle bevolkingsgroepe in die RSA), met sy God (groei en vastigheid in die geloofslewe) en met die dinge rondom hom (die natuur en kultuurbesit) te leef."

In die Transvaal moet alle leerlinge in standerd vyf en agt 'n veldskool bywoon. Hoewel amptelik nie verpligtend nie, word daar van leerlinge verwag om dit by te woon. Seuns en meisies woon die skole apart by.

Daar is veldskole naby Amsterdam, Louis Trichardt, Glenmore, Groot Marico, Pelgrimsrus, Delmas, Graskop en Waterval-Boven.

Die leerplan maak daarvoor voorsiening dat onder meer "universiteite, die Weermag, die Buro vir Staatsveiligheid en verskillende staatsdepartemente" by die veldskole betrek mag word. Die leerplan vir veldskole word in vier verdeel: geestelik, liefde vir die eie, die natuur en veldkuns.

Onder "geestelik" word die volgende onderwerpe behandel: die Skepping, die invloed van musiek op die mens, geestelike besoedeling, leierskap, gesag en vryheid en mens-verhoudings met spesiale verwysing na rasseverhoudings.

Onder "liefde vir die eie" word die volgende behandel: vlaghysing en -stryking, betekenis van ons vlag en volkslied, kommunisme, insurgensie en teen-insurgensie, liefde vir eie plante en diere en samesang van volksliedere.

"Die beginsels van selfwerksaamheid en primitiewe kampering word deurgaans streng toegepas. Sowel seuns as dogters slaap so ver moontlik drie nagte in die veld," lui die leerplan.

Die TOD bied ook spesiale leierskapkursusse vir hoërskoolleerlinge by veldskole aan. By die veldskole word leiers geïdentifiseer volgens 'n stelsel waar punte stelselmatig aan leerlinge toegeken word.

Daarbenewens woon alle manlike onderwyskollege-studente ook veldskole by waar hulle ook onderrig ontvang in insurgensie en teeninsurgensie en die kommunistiese aanslag teen Suid-Afrika.


Leerlinge wat die veldskole bygewoon het, vertel die volgende:

* Kinders word gereeld gevra watter politieke party hulle ondersteun en of hulle in die Bybel glo.
* Daar word gereeld minderwaardig na swartmense verwys.
* Daar word baie sterk klem op die fisieke gelê en daar word van kinders verwag om lang afstande af te lê. Onderwysers is dikwels onsimpatiek teenoor kinders wat nie fisiek daartoe in staat is nie.
* Benewens die feit dat die volkslied elke dag gesing word en die nasionale vlag gehys en gestryk moet word, word lang lesings in kommunisme en die totale aanslag deur lede van die weermag of polisie aangebied.
* Die ANC of Swapo word as goeie voorbeelde van anti-christene en kommuniste voorgehou. Daar was selfs 'n geval van 'n onderwyser wat na die ligte van nabygeleë dorpe as "swart terroristekampe" verwys het.

Tog is dit interessant dat in 'n opname wat die jeugkoerant Early Times onlangs oor veldskole gedoen het, kinders gesê het dat hulle weer veldskole sal bywoon omdat veral die lesse oor die natuur en veldkuns baie stimulerend is.

Omdat die TOD veldskole as 'n "uitbreiding van die klaskamer" beskou, is dit nie hulle beleid om besoekers daar toe te laat nie.

Teen druktyd het die TOD nog nie op dié artikel gereageer nie.




# Sal jy met 'n 'gebruikte meisie' trou?

"KOMMUNISME was 'n saak waaroor die oom hom baie sterk uitgespreek het. Ons is vertel dat ons huise, ons ouers se karre, al hulle besittings en geld afgevat sal word as hulle aan bewind kom. Ons is vertel die ANC en Swapo is goeie voorbeelde van korrupte, anti-christelike moordenaars."

'n Vyftienjarige seun wat in April vanjaar 'n veldskool moes bywoon, skryf só oor sy ondervinding:

"Op die bus moes ons een-een vorentoe gaan en die oom meer van onsself vertel, soos waar ons ouers werk. Ons het ook 'n handleiding en sak vir ons Bybels ontvang.

"Die aand om die vuur het ons drank, sigarette en ander slegte gewoontes van tieners bespreek. Ons het video's gekyk oor tienerseks en dwelmmiddels.

"Ons moes toe vertel of ons al enige soort kontak met 'n meisie gehad het. Ons is ook gevra of ons met 'n gebruikte meisie sal trou.

"Vroeg die oggend was daar drama omdat die seuns op wag nie die oom betyds wakker gemaak het nie. Ons is straf belowe. Hierna het ons na die berg vertrek. Ons is in spanne verdeel. Baie van die kinders het agtergeraak en is sissies genoem.

"Nog lesings is later die aand gehou en ons is vertel dat slegs Christelike mense vir ons aanvaarbaar behoort te wees. Popmusiek is ook bespreek en veral André Letoit en die Gereformeerde Blues Band is gekritiseer. Daar is gesê dat hulle die Afrikaanse kultuur en geskiedenis ondermyn en die beeld van die Afrikaner aantas.

"Ek is in die groep geplaas wat die oom die negatiewe groep genoem het. Hierdie groep het bestaan uit al die kinders wat nie van veldskool gehou het nie of wat gerook en gedrink het.

"Ons het die meeste wagbeurte gekry. Ons is gekritiseer oor ons negatiwiteit en moes ná die kamp die skoolhoof oor ons gewoontes gaan spreek," sê die vyftienjarige seun.

Leerlinge wat veldskole bygewoon het, sê in Early Times die volgende:

* 'n Sewentienjarige matriekleerling van Germiston sê dat daar gedurig minderwaardig na swartmense verwys is.

"Daar is geen twyfel dat die mense wat die skool bestuur het, teen swartmense was nie. Dit het op baie maniere oorgekom dat hulle swartmense haat," sê sy.

* 'n Sestienjarige standerd negemeisie vertel dat daar aan haar groep gesê is dat mans vroue se meerderes is. "Ons het die idee gekry dat 'n vrou se plek in die kombuis is. Daar was net mans by die skool en ons moes hulle oom noem."
* 'n Standerd vyf-leerling vertel dat die organiseerders van die skool in die Oos-Transvaal wat sy in Mei bygewoon het, onsimpatiek was teenoor kinders wat nie aan die liggaamlike oefeninge kon deelneem nie.

'n Twaalfjarige meisie wat 'n maagvirus gehad en opgegooi het, is aangespreek: "Stop jou nonsens. Jy is pateties".

"Daar is aan ons gesê as ons ons nie gedra nie, gaan swart terroriste ons kom doodskiet. Ek was baie bang toe ons in die nagte moes wagstaan."

# Is dié twee veldskool-produkte?

VELDSKOLE het twee jong, uiteenlopende Afrikaners se politieke denke help vorm: Hein Grosskopf en Barend Strydom. Die een was gewalg deur die tweepip-luitenant van Militêre Intelligensie wat gewaarsku het oor die ANC, kommunisme en die swart gevaar.

Die ander het gehoor hoe die kommuniste musiek en dwelms gebruik om die jeug te ondermyn en is besiel met 'n nuutgevonde volkstrots. Dit het hom uiteindelik geleer om 'n "oordeel" oor ander te vel.

Beide het onlangs getuig van die invloed wat dié skole op hulle gehad het: Grosskopf uit sy nuwe politieke tuiste by die ANC in Lusaka en Strydom tydens sy moordverhoor in Pretoria. Beide het sowat agt jaar gelede - toe hulle in standerd agt was - veldskole in die Transvaal bygewoon.

Strydom het getuig dat hy na sy weeklange veldskoolkamp "toenemend in politiek begin belangstel het". Die kamp het al sy bedenkinge oor kommunisme finaal bevestig. Hierna het hy begin om regse politieke vergaderings by te woon.

Grosskopf sê die volgende oor sy veldskoolkamp: "Dit is nie die gesonde jeugkamp wat die owerhede sê dit is nie. Dit was eers na ek sielkunde begin studeer het dat ek besef het wat se breinspoeling daar plaasvind.

"Dit werk op die beginsel van jy kry iemand fisiek moeg en dan pomp jy hom vol. In een dag moes ons 23 km oor berge en deur dale stap met net 'n liter water. Toe ons terugkom, was die luitenant daar.

"Hoewel die propaganda so ooglopend was, was dit tog gevaarlik. Omdat die man daar staan in sy uniform met sy pips en 'n mooi geknoopte das en baie doeltreffend met kaarte en diagramme wys hoe alles werk, glo die kinders hom.

"Ek onthou 'n vriend van my wat altyd baie koelkop en krities was, was skoon begeesterd na so 'n sessie. Toe ek hom vra of hy dit alles glo, was sy antwoord: hoekom nie, hulle sal nie vir ons lieg nie.

"Duiwels is 'n groot woord, maar ek dink nie ouers besef wat op veldskole aangaan nie."

## 'Kinders kan mekaar as mense leer ken'

VELDSKOLE is die ideale plek waar kinders van verskillende bevolkingsgroepe mekaar as mense kan leer ken. Soos dit egter tans bedryf word, het talle kinders 'n negatiewe belewing daarvan en bestaan daar agterdog oor die rasionaal daaragter.

Só sê prof Martin Trümpelmann, voorsitter van die Departement Onderwyskunde en Vakdidaktiek van die RAU.


Trümpelmann sê: "Veldskole het beslis sekere positiewe aspekte. Dit kan byvoorbeeld as 'n uitstekende klaskamer vir omgewingsopvoeding dien. Leerlinge kan leer om teenstrydige standpunte te debatteer en groepsaktiwiteite kan suksesvol aangepak word. Ek het geen probleem daarmee as Christelike waardes uitgedra word nie, maar dit hang natuurlik af hoe dit gedoen word. Dat sake met omstrede inhoude aangepak word, moet verwelkom word, mits dit nie op 'n eensydige wyse gedoen word nie.

"Dit is so dat leerlinge dikwels 'n negatiewe beskouing van veldskole het. Die feit dat dit deel is van die geesteweerbaarheidsprogram by skole, koppel dit dikwels aan die hele idee van die verdagmaking van die totale aanslag.

"Onderwysers huldig dikwels aanvegbare en eensydige standpunte. Daar word gewoonlik byvoorbeeld na kommunisme verwys as 'n volkome negatiewe ideologie. Hierteenoor word kapitalisme as 'n utopie voorgehou.

"Ons bewys ons kinders geen guns deur 'n karikatuur van sekere ideologieë te maak nie. Ek glo dat veldskole gebruik én misbruik kan word. Hulle kan gebruik word om die komplekse samelewing nader aan die kind se waarheid te bring. Of hulle kan misbruik word om simplistiese waarhede as die volle waarheid voor te hou," sê Trümpelmann.

# Cosatu druk stok in apartheidswiel



Jay Naidoo *(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)*

**Onderrig, Konsolideer en Opmars na Oorwinning! Dit was die tema van die derde nasionale kongres van die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) in Johannesburg. Daar is besluite geneem wat al verder van slagspreuke en nader aan verenigde optrede beweeg. Die wit werker se betrokkenheid het ook besondere aandag geniet. In 'n onderhoud met CHARLES LEONARD neem Jay Naidoo, die algemene sekretaris van Cosatu, die kongres in oënskou**

COSATU het besluit om apartheid onwerkbaar te maak.

"In die eerste plek het ons ons daartoe verbind om die Wet op Arbeidsverhoudinge te vernietig," sê Naidoo. "Ons het 'n veldtog teen dié wet begin wat op die werkersberaad in Augustus gefinaliseer gaan word."

Dié beraad, waarop Cosatu, die National Council of Trade Unions (Nactu) en ongeaffilieerde vakbonde verteenwoordig gaan wees, gaan hoofsaaklik op dié wet fokus.

"Ons gaan ons optrede koppel aan die rassistiese verkiesing van 6 September en dit gaan die vorm aanneem van 'n week se gekoördineerde en volgehoue industriële aksie.

"Die koppeling aan die verkiesing is omdat ons glo dat die parlement verantwoordelik is vir die Wet op Arbeidsverhoudinge wat daarop gemik is om die vakbondbeweging te vernietig."

Cosatu glo dit is nodig om op die wet te konsentreer in hul poging om apartheid onwerkbaar te maak, omdat dit volgens hulle deel is van 'n groter strategie van apartheidsonderdrukking.

"Dit kan nie van ander aspekte van apartheidswetgewing geskei word nie. Dié gees van weerstand en uitdaging gaan deur die 2 000 afgevaardigdes op die Cosatu-kongres uitgedra word na al die uithoeke van ons land. Ons beskou dit as 'n voorvereiste op ons pad na vryheid."

Volgens Naidoo gaan dié veldtog nie die enigste stok in die speke van die apartheidswiel wees nie.

"Ons weier om verder by te dra tot ons eie onderdrukking. Ons weier om ons verder te onderwerp aan die beperkings wat die minderheidsregime op ons afdwing. 'n Deel van ons veldtog is om van geriewe soos hospitale, skole en ontspanningsplekke - wat vir ons gesluit is - gebruik te maak. Dit staan in elk geval ongebruik terwyl talle van ons mense 'n ernstige behoefte daaraan het.

"Ons gaan geriewe soos dié beset omdat dit ten regte ons s'n ook is. Ons wil deel in die land se rykdom."

Cosatu glo dat hulle lankal nie meer die swart duiwel vir wit werkers is wat die regering voorhou nie. Op die afgelope kongres was daar baie meer wit gesigte as ooit tevore tussen die 2 000 afgevaardigdes.

"As 'n mens na die afgevaardigdes kyk, sien jy een van die verteenwoordigendste forums nog in Suid-Afrika - met mense vanuit verskillende agtergronde, kulture en rasse.

"As gevolg van die gees van konsensus en militantheid wat deurgaans by die kongres geheers het, het ons nooit nodig gehad om te stem nie. Ons glo dat Cosatu die model is van hoe 'n toekomstige Suid-Afrika kan lyk."

Die ekonomiese knyptang waarin die regering almal - wit werkers ingesluit - het, is Cosatu se hoop op 'n skouspelagtige deurbraak tot wit werkers.

"Ons belange as werkers sal ons oor kleur- en rassegrense verenig. Die voorregte wat apartheid in die verlede vir wit werkers besorg het, word stadig maar seker onder hul voete uitgepluk. Dít laat hulle sien dat die kunsmatige grense van rassisme nie in verenigde optrede se pad moet staan nie."

Nie net Cosatu se optrede nie, maar ook die regering se beleid van privatisering - waardeur beide wit én swart werkers afgedank is - en deregulering - wat lewenstandaarde van alle werkers verlaag het - maak, ironies genoeg, die taak vir vakbondbeweging makliker. Ook groot monopolieë se weiering om aan die eise van werkers toe te gee, maak dit makliker vir wit en swart werkers om te verenig, sê Naidoo.

"Die alternatief vir Cosatu is die wagtende arms van neo-fascistiese organisasies soos die AWB. Dit is duidelik geen oplossing nie vanweë hul aard en dekadensie wat hulle selfs minder aanvaarbaar as die Nasionaliste maak."

Cosatu is nie blind vir wit vrese nie, maar glo dat hulle dit kan verdryf.

"Die Cosatu wat hulle nou sien, is nie een van 'n klomp swart werkers wat hulle die see in wil dryf nie. Ons sê wat die Vryheidsmanifes sê: Suid-Afrika behoort aan ál sy mense - wit en swart. Die land is een van die rykstes in die wêreld en daar is genoeg vir almal.

"Met die beëindiging van apartheid kan die geld wat daarop gemors is, verseker dat almal dieselfde lewenstandaard het.

"Ons wil beslis nie die witmense uit hul huise jaag nie, omdat ons nie dieselfde strategieë gaan gebruik wat die apartheidsregime teen ons gebruik nie.

"Vir die eerste keer sal mense sien wat dit beteken om in 'n normale gemeenskap, waar elkeen as 'n mens behandel word, te leef."

Afgesien van dié toekomsvisie glo Cosatu ook dat hul huidige optrede in die werksplek wit werkers kan oortuig om deel van hul nie-rassige span te word. Die hele geskiedenis van die totstandkoming van die Vryheidsmanifes is deeglik bestudeer en 'n soortgelyke veldtog gaan met die werkersmanifes gevolg word.

"Ons versamel vereistes - soos die geval was met die Vryheidsmanifes - wat mense in 'n post-apartheid grondwet ingesluit wil hê. Só 'n werkersmanifes moet in die grondwet vasgelê word."

Naidoo beskou die veldtog rondom die Wet op Arbeidsverhoudinge as die eerste stap tot eenheid in die vakbondbeweging deurdat Cosatu, Nactu en die ongeaffilieerde vakbonde saam veg.

"Ons uiteindelike doel is die bereiking van een federasie in Suid-Afrika en een vakbond in elke industrie."

Die Cosatu-kongres het ook met vreugde kennis geneem van die pogings - waarby Cosatu, die ANC, die UDF en Inkatha betrokke is - om vrede in Natal te bereik.

"Ons het ons voorneme uitgespreek om vrede onder ons mense te bou. Ons het ook ons voorneme om oorlog teen apartheid te maak, uitgespreek."

# Jong, ervare Hennie gereed vir Stellenbosch

**Die Demokratiese Party se kandidaat op Stellenbosch, Hennie Bester, is een van die jongste parlementêre kandidate in die verkiesing. ANTON STEENKAMP het met hom gesels.**



**Hennie Bester**
*(Foto: Anton Steenkamp)*

HENNIE BESTER is 26 jaar oud. Verlede jaar was hy nog 'n LL M-student aan Cambridge. Nou is hy die Demokratiese Party se kandidaat op Stellenbosch.

Ons sit en gesels in 'n kafee in Pretoria. Dit is nie moeilik om hom uit te ken nie - hy het minute vantevore uitgeklaar uit die Weermag, en sit nog in sy bruin uniform met "Bester" prominent op die bors.

Hennie het in Januarie vanjaar met sy Nasionale Diensplig begin, en het spesiale vergunning gekry om dit op te skort tot ná die verkiesingsveldtog.

Hy ken Stellenbosch goed - dis sy alma mater, waar hy in 1986 sy LLB-graad cum laude verwerf het en betrokke was in die studentepolitiek, onder meer as lid van die studenteraad.

In 1985 was hy debatsvoorsitter en een van die groep van agt Maties wat met die ANC in Lusaka sou gaan gesels het. PW Botha, destydse kanselier van die universiteit, het 'n stokkie daarvoor gesteek en almal se paspoorte ingetrek.

Dit laat dadelik die vraag ontstaan: Beskou hy kontak met buite-parlementêre groepe steeds as belangrik, of begeef hy hom nou uitsluitlik in die parlementêre politiek?

"Natuurlik dink ek buite-parlementêre kontak is belangrik! Dis waarvoor ek my al die jare op Stellenbosch beywer het, ook in die SR, en dis juis waar die DP 'n verskil kan maak.

"Dis myns insiens die eerste parlementêre party wat die brug tussen demokrate binne en buite die parlement kan oorsteek."

Maar wat van die DP se kandidate in die Huis van Afgevaardigdes? Dit gaan mos juis die DP van die Breë Demokratiese Beweging vervreem?

"Ek dink die standpunt daar is duidelik. Slegs kandidate wat 'n bydrae tot buite-parlementêre skakeling kan maak, sal oorweeg word.

"Ek sien 'n nuwe gees van pragmatisme in die Suid-Afrikaanse politiek. Dis tyd dat die politiek binne en buite die parlement één word om by ware onderhandeling uit te kom."

Sy Bolandse bry herinner my daaraan dat dié boerseun van Wellington af kom. Breyten Breytenbach se wêreld.

"Ja," sê Hennie, "Breyten was hoofseun van die Hugenote Hoërskool op Wellington, waar ek so 'n dertig jaar later onderhoofseun was.

"Toe Breyten tronk toe is, het sy pa en my oupa Hennie nog saamsaam die Minister gaan sien om te kyk of hulle nie iets vir hom kon doen nie."

Na matriek was Hennie vir 'n jaar uitruilstudent in Sydney, Australië. Toe is hy Stellenbosch toe vir sy regsgraad.

Is hy nie te jonk en onervare vir die parlementêre politiek nie?

"Nee. Op Stellenbosch is tussen vyftig en sestig persent van die kiesers studente. Ek dink 'n mens het daar juis iemand nodig wat hulle behoeftes en waardes verstaan.

"Buitendien het ek uit my ervaring in die studentepolitiek skakeling opgebou met politieke groeperings regoor die land, insluitende Inkatha, die UDF en die ANC.

"Ek het waarskynlik meer ondervinding in onderhandelingspolitiek as die meeste van die ouer kandidate in die land."

Hulle het 'n goeie kans om te wen op Stellenbosch, meen Hennie.

"In 1987 het Esther Lategan, wat toe as Onafhanklike gestaan het, met 1 700 stemme verloor.

"Soveel as 70 persent van haar steun het toe uit die dorp gekom, en slegs 'n klein persentasie van die studente af.

"Intussen het daar 'n geweldige politisering onder die studente plaasgevind, ook onder eerste- en tweedejaars, en die meeste van hulle swaai na die DP se kant toe.

"Die NP het geen geloofwaardigheid meer nie. 'n Mens kan nie nuwe wyn in ou sakke gooi nie.

"Die NP kan op weinig meer as die tradisionele stem staatmaak. Op Stellenbosch is 70 persent van die akademici agter die DP.

"Die mense is siek en sat vir rassisme en vir 'n party waarin hulle geen morele regverdiging kan vind nie."

En as die DP wen op Stellenbosch, sien hy vir homself 'n toekoms in die politiek?

"Ek het myself nog nooit as 'n politikus beskou nie. Ek staan uit oortuiging, nie uit politieke ambisie nie.

"Dis tyd dat ons 'n nuwe toekoms vir die land bou. Ons moet uitreik na Afrika, anders sal dit altyd vir ons donker en onbekend bly."


VACANCY

The SACHED Trust, an independant organisation committed to non-racial education has a vacancy for a

MATHEMATICS CO-ORDINATOR

in one of its projects - TURRET CORRESPONDENCE COLLEGE

TCC (a distance education project) has centres in the Eastern Cape, Natal an PWV regions, at which a matric support programme is offered. Materials for this programme are produced centrally.

We are looking for a full-time person, preferably to be based in the Johannesburg office, who:
- will develop Mathematics support materials in the form of assignments, memos, guidelines etc. for 3 groups of students.
- will work with the distance education centres.
- will work closely with other subject co-ordinators.

**The successful candidate must have taught Maths at Senior Secondary level for 2 years.**
**A written application including a CV and names of two referees should be sent to:**
**SACHED Trust**
**Staff Development and Training**
**P.O. Box 11350**
**Johannesburg 2000**
Closing date for applications is 31 July 1989.

# A N G L O   A M E R I C A N   C O R P O R A T I O N



Uittreksels uit Gavin Relly se oorsig van die bedrywighede van Anglo American Corporation in die finansiële jaar geëindig 31 Maart 1989.

*"Ons Korporasie bestaan om rykdom te skep en sodoende vergoeding op te lewer vir sy sleutelbelanghebbendes – sy aandeelhouers en werknemers – wat, saam met hul afhanklikes, 1,5 miljoen Suid-Afrikaners verteenwoordig. Dit is sy eerste verantwoordelikheid, teenoor die gemeenskap in sy geheel net soos teenoor sy belanghebbendes, want as hy in hierdie doelwit faal, sal hy nie oor die middele beskik om enige wyer maatskaplike verantwoordelikhede na te kom nie."*

KLERCK & WHITE 'N SAATCHI & SAATCHI AGENTSKAP/17650/1

> *Die Korporasie het sy ekwiteitsberekende verdienste met 46% tot 'n rekordbedrag van R2 645 miljoen verhoog. Toeskryfbare verdienste het met 21% tot R1 254 miljoen toegeneem. Netto bates het met 45% tot R28,5 miljard toegeneem.*

### Vooruitsigte in SA

Ons verwag om gedurende die komende 18 maande nuwe mynondernemings op die gebied van onedelmetale aan te kondig. Op nywerheidsgebied is Highveld Steel, wat, benewens ander rekords, gedurende 1988 meer as een miljoen ton staal geproduseer het, besig om in vennootskap met Samancor ondersoek in te stel na 'n projek om vlekvrystaal vir uitvoer te produseer, terwyl Mondi Paper, wat ook rekordresultate behaal het, die oprigting van 'n tweede pulpvloeilyn in Richardsbaai beplan.

### Prestasie in Suider-Afrika

In Zimbabwe het ons geassosieerdes voorspoediger tye beleef. Ons beleggings in Zambië het, in die plaaslike geldeenheid, goed gevaar, maar dividendremises is drasties aan bande gelê. In Namibië ontwikkel ons 'n goudmyn by Navachab. In Botswana neem ons aan 'n groot soda-asprojek deel en in Mosambiek oorweeg ons 'n aantal geleenthede.

### Internasionale Beleggings

Ons is in die eerste instansie 'n diepgewortelde Suid-Afrikaanse instelling, iets wat ons geensins wil verander nie. Maar Anglo American se beleid om sy oorsese belange op die grondslag van sy tegniese en finansiële vermoëns uit te bou, sal voortgesit word, sowel regstreeks – soos in Suid-Amerika, waar ons werksaamhede 'n uiters geslaagde jaar beleef het – as ter ondersteuning van Minorco.

### Minorco

Minorco se aanbod vir beheer van Consolidated Gold Fields is deur die beherende owerhede in Brittanje, die Europese Gemeenskap en die Verenigde State goedgekeur, maar is deur 'n antitrust-aksie in 'n VS-hof gekelder. Minorco het sedertdien 'n kontantaanbod van Hanson Plc vir sy Consgold-belang aanvaar, wat die maatskappy in staat behoort te stel om nuwe beleggingsgeleenthede op 'n sterk kapitaalgrondslag te benut.

> **"Die beplande kapitaaluitgawes in Suid-Afrika deur AAC en sy geassosieerdes behoort in die tydperk 1989 tot 1992 heelwat meer as R8 miljard te beloop, en vanjaar alleen sal ons sowat R200 miljoen aan prospektering in Suid-Afrika bestee."**



◄ Prosperkteerwerk in 'n afgeleë deel van Namibië.

> "Na my mening is daar nou 'n sameloop van omstandighede wat groot geleenthede vir Suid-Afrika bied indien ons leiers die moed en versiendheid het om dit aan te gryp."

### Die Internasionale Front

Internasionaal is die debat oor hoe om apartheid te beëindig en 'n nuwe Suid-Afrika te skep stadig en aarselend besig om verby die wagwoorde van sanksies en isolasie te beweeg.

Die Sowjet-Unie, met klaarblyklike steun vir vredeskikkings in die streek, dra ook elemente van ekonomiese en politieke realisme tot die debat by wat nie net Pretoria se getroetelde mite van die totale aanslag sterk bevraagteken nie, maar die ANC minstens in 'n mate aangespoor het om weer eens na sy konstitusionele en ekonomiese voorskrifte vir Suid-Afrika te kyk.

Indien die regering na die verkiesing stappe doen om die politieke landskap te verander deur die vrylating van politieke gevangenes en deur die vraagstukke van die noodtoestand en die status van uitgeweke bewegings aan te spreek, sal opposisiegroeperings vanselfsprekend van die gerieflike standpunt van protespolitiek moet wegbeweeg na die behoefte om die harde werklikhede van die Suid-Afrikaanse situasie te erken asook om kompromis-oplossings te beding en te vind wat miskien nie aan abstrakte ideologiese standpunte voldoen nie.

### Besigheid en Apartheid


'n Nie-rassige omgewing het buite die fabriekshekke net so 'n besigheidsnoodsaaklikheid geword as binne die fabriek self.

Die besigheidswêreld se saak – benewens morele oorwegings – ten gunste van die afskaffing van die Wet op Groepsgebiede en ander diskriminerende wetgewing is dat dit, deur te verhoed dat vrye onderneming werklik tot die beskikking van alle Suid-Afrikaners gestel word, groei en welvaart aan bande lê.

Indien munisipaliteite in gebiede waar ons werksaam is stappe doen om apartheid af te takel, sal hulle ons steun geniet.

### Nuwe Leierskap in Suid-Afrika

Die taak van die nuwe leier van die Nasionale Party, mnr De Klerk, gesteun deur die jonger geslag Nasionaliste, is om die hervormingsproses te volvoer en, nog selfs belangriker, om gestalte en inhoud aan 'n na-apartheidsvisie vir ons land te gee, gegrond op die waardes en aspirasies wat Suid-Afrikaners verenig eerder as op dié wat hulle verdeel.



Mnr James Ngcoya, President van die Southern African Black Taxi Association, en dr Chris Garbers, President van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, bespreek die besonderhede van 'n groot Anglo American Corporation-bydrae tot padveiligheidsnavorsing met mnr Gavin Relly, Voorsitter van AAC. ►

KLERCK & WHITE 'N SAATCHI & SAATCHI-AGENTSKAP 178603

**“Ons is trots op die rol wat ons gespeel het om vakbondregte en gesamentlike bedinging te bevorder.”**

Binne die Korporasie is dit 'n sleuteluitdaging om ons nie-rassige personeelbeleid in praktyk om te sit. Met die oog hierop is ons besig om die volgende te implementeer:

Anglo American en De Beers se Voorsittersfonds doen nou skenkings van ongeveer R50 miljoen per jaar en het 'n groot aandeel daarin gehad om die sektore van tersiêre en private sekondêre onderwys vir studente van alle rasse oop te stel.

133 000 van die Korporasie en sy geassosieerdes se werknemers besit nou Anglo-aandele deur deelname aan die aandeelhouerskema vir werknemers.

Waar ons pas 'n bevredigende uitslag op die 1989-loononderhandelings behaal het, koester ons die hoop dat die onderhandelings tussen die NUM en ons geassosieerde mynmaatskappye om 'n gedragskode wat gedrag in die werkplek sal beheer en geweldpleging in die werkplek sal verhoed sowel as 'n geskilprosedure vir individuele ontslag tot stand te bring, net so geslaagd sal wees.

Hierdie onderhandelings is uniek in die mynbedryf, en inderdaad in Suid-Afrikaanse nywerheidsverhoudinge.


Omdat ons glo dat ondernemerskap op klein skaal net so 'n groot bydrae tot ons gemeenskap kan lewer as grootskaalse maatskappybedrywigheid, brei die Korporasie en sy geassosieerdes hul aankoop- en onderkontrakteringsverbintenisse met klein ondernemings uit.

**“Dit is ons doel om elke pos deel te maak van 'n rasionele, nie-rassige loopbaan wat vir alle Suid-Afrikaners slegs op grond van meriete oopstaan, en nie om 'n soort omgekeerde apartheid ten koste van blanke werknemers te skep nie.”**

Die revolusie van ekonomiese geleenthede stel swart Suid-Afrikaners in staat om hulself van die onderdrukkende arm van die amptenary te bevry en beheer oor hul eie lewe te verkry op 'n manier wat in die verlede eenvoudig nie moontlik was nie, en wat hul selfagting en waardigheid verhoog het. Na gelang hierdie revolusie uitbrei, sal dit deur al die maatskaplike en politieke strukture van ons land gevoel word, na my mening ter bevordering van die taak om voor die einde van die 20e eeu 'n nasie in Suid-Afrika te bou.

*Ten slotte bedank ek namens die direksie die personeel vir hul getroue diens en hul bydrae, nie net tot ons sukses vanjaar nie, maar ook tot die stewige vordering wat die Korporasie na my mening maak om 'n doeltreffende bydraer tot die opkomende na-apartheidsgemeenskap te word. Suid-Afrika se volgende dekade kan moontlik die moeilikste van die eeu wees, maar is beslis die belowendste.*

Gavin Relly.



**Anglo American Corporation of South Africa Limited**

Die volledige teks van mnr Relly se verklaring en die Korporasie se jaarverslag is bekombaar by Consolidated Share Registrars, Eerste Verdieping, Edura, Commissionerstraat 40, Johannesburg 2001.

KLERCK & WHITE · 'N SAATCHI & SAATCHI-AGENTSKAP/17650/4

# Laat staan die koeëls, drink tee



MAKLIKER GESÊ

Anton Steenkamp

NA twee weke in Namibia, Zimbabwe en Lusaka weet ek een ding: Dis heeltemal onnodig dat ons hier in Suid-Afrika ook, soos in Namibia en Zimbabwe, deur 'n jarelange burgeroorlog gaan en nóg duisende lewens opoffer voordat ons begin onderhandel oor ons toekoms.

"Daar is geen sin daarin om jou jongmense in 'n oorlog te laat doodskiet en dieselfde resultaat te bereik wat jy deur onderhandeling kon doen nie," het die Speaker van die Parlement in Zimbabwe, Didymus Matare, in Harare aan ons gesê.

Die resultaat waarna hy verwys het, is dít waarvoor die Suid-Afrikaanse regering, en die Rhodesiese regering voor hom, nog al die jare so bang was: Die gevreesde swart meerderheidsregering.

Dat dit onafwendbaar is, ook in Suid-Afrika, laat sekerlik by niemand meer enige twyfel nie. ('n Paar fossiele baklei nog daaroor of dit wenslik is of nie).

Is dit regtig nodig dat nóg mense doodgemaak moet word, dat nóg haat tussen wit soldate en swart township-aktiviste opgebou word voordat ons begin praat, nie oor die óf van meerderheidsregering nie, maar oor hóé dit gaan lyk?

Duisende jong witmans - die regering wil nie sê presies hoeveel nie - daardie geliefde "manne op die grens" van die teedrinkende weermagtannies, het die afgelope 23 jaar in Namibia en Angola gesterf.

Die meeste van hulle kom nie eers van daardie land af nie. Hulle was Suid-Afrikaners wat vir Suid-Afrika, so het hulle geglo, gesterf het in 'n ander land - SA se eie Nam.

En nóg duisende jong mans, Namibiane dié keer, het in dieselfde oorlog gesterf vir 'n basiese demokratiese reg waaraan nou, uiteindelik, uiting gegee word - vrye en regverdige verkiesings vir 'n demokratiese, verteenwoordigende regering in Namibia.

Swapo gaan waarskynlik die verkiesing wen. Die leier van die SWANP, Kosie Pretorius, het nou die dag saam met Swapo se leiers gaan tee drink en die komende verkiesing, waaraan hy ook deelneem, bespreek.

Dis nou die mense wat ons broers en vriende in Suid-Afrika so 'n paar maande gelede nog doodgeskiet het in Namibia en Angola. Waarvoor?

Hier by die huis drink die mense ook al saam tee. Selfs die twee grootbase van die Suid-Afrikaanse politiek, PW Botha en Nelson Mandela, en dit nogal in Tuynhuis.

'n Mens is bly daaroor. Jy kan net vra: Hoekom nou eers?

Reeds 25 jaar al, langer as 'n leeftyd vir sommige van ons lesers, sit hy in die tronk en vertel die Nasionaliste 'n mens praat nie met terroriste nie.

Intussen word Umkhonto we Sizwe gevorm nadat die ANC van 1912 af gevra het om met die regering te onderhandel en dié geweier het, soos hulle (amptelik) nog steeds doen, die SAW se soldate word in die townships, en Angola, en Botswana, en Zimbabwe, en Mosambiek ingestuur, en die stryd - en doodslag - duur voort.

Ondanks die ANC se riglyne aan MK-soldate om net militêre en staatsteikens aan te val, was daar 'n jaar of twee gelede 'n paar ongelukkige voorvalle - bomme in Wimpy Bars en in 'n kroeg in Amanzimtoti waarin burgerlikes dood is.

Die skuldiges het agterna getuig dat hulle sonder magtiging opgetree het, en ná 'n dringende boodskap uit Lusaka is dié aanvalle en skuldige MK-soldate gedissiplineer, maar die skade is gedoen en die bitterheid groei, van albei kante af.

Dié bomme is geplant uit bitterheid, nadat mense se ouers, broers en susters deur wit soldate doodgemaak is, en dit skep verdere bitterheid.

In Zimbabwe is 'n nuwe geslag mense, wit en swart, besig om die bitterheid van 'n veertien jaar lange bosoorlog te besweer. Ons kan dit nog verhoed voordat dit te ver gaan. Die ANC is bereid om te onderhandel, soos nog altyd die geval was; en dit wil selfs lyk asof die NP-regering so stadig begin om 40 jaar van hul eie propaganda ongedaan te probeer maak. "In Suid-Afrika is ons almal een. Laat ons hoop dat ons binnekort ons gesamentlike toekoms by die huis kan vier, in Pretoria, op die platteland. Vrede ís moontlik."

So het 'n ANC-woordvoerder Saterdagaand in Lusaka gesê. Ek hoop en bid hy is reg - en dat dit nie nog 'n paar duisend lewens sal kos om blankes in ons land te oorreed nie.

# Poësie, strategie en die Groot Nee




VRYE WEEKBLAD se onderhoud met Hein Grosskopf het mens laat dink oor die ooreenkomste tussen hom en Breyten.

Albei het die Groot Nee gesê, en gewaai. Albei was bloedjonk al huishoudelike name wat met dik stemme gepraat het, konsternasie gesaai het. Breyten is immers die mees charismatiese mens wat ek nog gesien het, en Hein lyk of hy dit ook het.

Maar die verskille is nog opvallender. 'n Mens kon byvoorbeeld nie vir Breyten vra wat hy met sy vrye tyd aanvang nie. Sy antwoord sou te lank wees. Sy stokperdjies het die heuwels vol gewei. Hy was immer aan die dig, skilder of mediteer as hy nie op reis was nie. Hein hou van 'n boek en 'n biër. Breyten se selfdefinisies het bundels beslaan. Hein is bondig: hy's lid van die Umkhonto, 'n politieke soldaat.

Breyten se bydrae tot intellektuele kultuur kan kwalik oorskat word. Vat al sy verse weg, en hy is nog formidabel as prosateur, as die New Jounalist van die Confessions, die kultuurpionier wat die Egiptiese Doodsboek Afrikaanse huise binnegedra het. Sy formulering van 'n nuwe Suid-Afrikanerskap kan eersdaags 'n handleiding in die struggle word. (In Seisoen te Paradys).

Maar hoewel geen dilletante nie, bly sy aanpak dié van 'n digter. Hy is eerder individualis as spesialis.

Hein lyk vir my die skerp maar doktrinêre intellek waaraan 'n massiewe praxis swaai. Hy dink dinge deur, maar reglynig, nie paradoksaal soos Breyten nie. Hy is forser, direkter as BB (nie noodwendig sterker nie). Hy sê homself reguit. Bevraagteken homself minder.

Breyten se verhouding met die taal wat so glad in sy mond lê, was gewroeg, problematies, soms manies-depressief. Dis die quarrel kiss and make up-reflekse van iemand wat te lief het.

Hein het in sy eie woorde nooit geskroom met Afrikaans nie, en dalk juis daarom was hy die een wat kon uitvind die Spies van die Volk ken van muskietejag.

Breyten het die mistieke Niks is dood en-alles-dans in Van Wyk Louw raakgesien, Hein die regsprekende. Vir Breyten is die dood 'n vitale metafoor, vir Hein 'n morele kategorie. Breyten se strategiese werk was, soos hy self in sy Confessions laat deurskemer, cloak and dagger, klandestien. Soms klugtig, al wou die Staat nie die grap vang nie. Sy Atlas/ Okhela-organisasie was heel obskuur en onstabiel.

Vir Hein kan mens skaars vermom sien. Nog minder 'n vals identiteit met inlewing uitspeel. Hy is enkel wat hy is. Juis daarom nie 'n lone ranger wat duisend selwe selfgenoegsaam in hom ronddra nie. Sy organisasie 'n gevestigde een.

I'm dreaming of a City/ it was my own invention/ I put the wheels in motion/ a time for big decisions, sing David Byrne.

Breyten en Hein is albei figure wie se blote sowees keuses kan afdwing. Tans verenig die twee se invloed in die besluit oor poësie en strategie.

Wil jy strateeg wees, moet jy die stad kan vat wat jy kry. Breyten kon stede opdroom, maar hy't nie van Egoli gehou nie. (Hein se tuisstad). Kaapstad en Parys was sy uitvindsels.

Ek sê nie hy's egosentries nie. Bloot dat daardie individualisme wat voortrekkers laat dwarstrek het, poësie bevorder en strategie befonkfaai het.

Toe die Nasionaliste nie meer Afrikaner-individualisme kon hanteer nie, was die weermag reeds toegerus om dit te doen. Deur ten wil en dank aan jong Afrikaners te leer hoe die ego in die groep/kollektiwiteit moet opgaan voor strategie moontlik is.

Grosskopf het die regte stap na strategie geneem deur hom aan 'n alternatief tot die weermag én die regering te verbind, nie slegs tot laasgenoemde nie.

Dis nie die enigste pad na strategie nie, maar waarskynlik die mees direkte een. Hy is dus ook een van wie Breyten sou kon sê: "Jou lewe is 'n wapen."

Battered en taai ná Pretoria Sentraal en Pollsmoor, maar volgens gerug nog propvol sprenk sê Breyten deesdae: "Jy reis vinniger alleen, maar verder saam met ander."

Hein Grosskopf het dit klaarblyklik vinniger geleer. Mens hoop hy hoef nie duurder vir die dié kennis te betaal nie.

# Die doodstraf ontken God se

Teks en konteks



JOHAN RETIEF is studenteleraar van die UWK

DIE hofsaak van die "Upington 26" onder wie 14 pas die doodstraf opgelê is weens die moord op 'n polisieman, het meer as net hulle lot onder ons aandag gebring. Dit stel op 'n baie dramatiese wyse inderdaad die hele praktyk van die doodstraf as sodanig aan die orde.

Ons land het die twyfelagtige voorreg om bekend te staan as een van die lande waar die doodstraf die meeste toegepas word. Prof Lourens du Plessis, 'n hoogleraar in die regsfilosofie, wys byvoorbeeld in dié verband daarop dat Suid-Afrika se 164 teregstellings in 1987 loshande hoër is as in enige ander Westerse land (Rapport, 11 Junie 1989).

Dit laat die vraag ontstaan na die legitimiteit van die doodstraf. Waarop grond 'n staat sy praktyk om mense met die dood te straf?

Party mense sal helaas antwoord dat die Bybel ons dit leer. Jy weet mos, die "oog vir 'n oog"-lering. Die vergeldingswet, onthou. Wat jy 'n ander aangedoen het, moet jy in gelyke mate terug ontvang.

Nie alle lande is egter so "Christelik" soos ons nie. Waar haal daardie lande hulle reg tot doodstraf vandaan? Sekerlik (en genadiglik) tog nie uit die christelike etiek nie! Daar is Kommunistiese lande ons terloops ver voor. Hulle misbruik ten minste nie die Bybel ter verdediging van die praktyk van die doodstraf nie.

Die enigste norm wat in die verband kan geld, is daarom nie die Bybel nie, maar eerder die openbare mening. Wanneer die "volk" dit wil hê, word die regering genoodsaak om dienooreenkomstig wette te maak. Finansiële oorwegings word gewoonlik as hulpmiddel gebruik om die openbare mening mee te steun. Dit kos die staat kwansuis te veel om sulke mense aan die lewe te hou.

Wanneer Suid-Afrika die doodstraf so menigvuldiglik toepas, kan dit daarom net wees omdat die meerderheid van die bevolking dit steun.

Die Bybel en geld word probleemloos bygesleep en gebruik as religieuse en finansiële hulpmiddels om die doel van die volk te dien.

Getalle het egter nog nooit 'n argument gewen of 'n slegte saak goed gemaak nie.

Kom ons wees duidelik oor een ding: Niemand kan met reg beweer dat die doodstraf op 'n spesifiek Christelike oortuiging gegrond is nie.

Ja, die Ou Testament maak wel voorsiening vir die doodstraf, maar self dan was die toepassing daarvan uiters skaars. In die Nuwe Testament maak die koms, die optrede en die prediking van Jesus egter 'n radikale verskil - ook sover dit die doodstraf aanbetref.

Ander norme geld vir Christene. Gaan lees maar die Nuwe Testament - en begin sommer voor!

Enige sprake van die regverdiging van doodstraf skitter in sy afwesigheid.

Van Christene word eerder gevra om te werk vir bekering, om mekaar as medesondaars te vergewe, om mekaar te help en te ondersteun, om nooit moed met mekaar op te gee nie. Vergelding, oordeel, wraak en straf kom God toe.

Maar wat het jy gedoen wanneer jy iemand met sy lewe laat boet? Jy het daardie persoon die reg om te lewe ontneem; jy het per implikasie gesê dat mense nie regtig kan verander nie; jy het daarmee geïmpliseer dat God nie álmagtig is nie; jy het finansiële oorwegings 'n groter faktor gemaak as die kosbaarste ding wat God ooit geskape het, naamlik die menslike lewe (so asof gevangenes noodwendig onproduktief aangehou moet word).

Die hele saak word verder verdonker deurdat die hele stelsel onder verdenking is dat rasse, ideologiese en politieke oorwegings 'n rol speel in die toepassing van die doodstraf. Mense vergelyk eenvoudig die "Upington 14" se straf met die saak van die polisieman wat op Kakamas 2 mense - een van hulle 'n vierjarige dogtertjie - doodgeskiet en 5 ander gewond het. Hy is naamlik op 'n

# Wat van Soetlief en die Ondier, Die Soapie? Of moet Jani eers die héle storie vertel?

Brolloks

Is daar nie 'n ondernemende filmmaker wat vir ons 'n eie soapie vir TV wil maak met die titel Soetlief en die Ondier nie? Vandat Jani en Eugene op die toneel gekom het, verveel Brolloks hom dood met Dallas en Dynasty.

Die beeld van 'n besope Karwats in kakie wat op 'n wintersnag voor 'n woonsteldeur aan die slaap raak, sal Brolloks nog lank bybly. En seker die bure ook.

Maar Brolloks begin voel die tyd is ryp dat Jani die res van die storie moet vertel. Dis mos nie die eerste keer dat Eugene by dié betrokke woonstel besoek aflê nie? Wat van die aand toe ... Daar kom die redakteur met sy skêr al weer. Miskien sal Brolloks later dié storietjie deurgeglip kry.

* Ag toe, Jani. Julle het nou volkseiendom geword, jy mag nie die gory detail van ons weerhou nie. Veral nie jy wat kastig 'n joernalis is nie. En intussen pas jou beeld van verontwaardigde onskuld jou glad nie.

## Sag op...

Dit gee vir Brolloks sooibrand om dit te doen, maar hy wil vandag saamstem met 'n verkiesingsplakkaat wat die Konserwatiewe Party orals op het: The Nats are soft on corruption.

* Maar dan kan 'n mens ook seker vir die hoogheilige KP's sê: The CP is soft on racism.

## Goddank die Kaap is nie meer Hollands nie!

Gedag die Hollanders is 'n vrydenkende klomp? Nie te oordeel aan die lot wat die blad vir Nederlandse immigrante in Suid-Afrika, Nederlandse Post, uitgee nie.

Vrye Weekblad, wat hom graag beywer vir 'n beter verhouding tussen Nederlanders en Suid-Afrikaners, wou 'n advertensie in dié blad plaas. Dit was 'n mooi, onskuldige advertensietjie met die opskrif Die Kaap is weer Hollands waarin ons vir posintekenare vra.

En toe kom daar dié week 'n brief aan van de heer JLA Pfundt waarin hy sê: "Advertenties met een politieke strekking kunnen wij niet accepteren."

Dis nie die pfundt nie, broer. Ons het nie politiek probeer adverteer nie, maar 'n produk, 'n koerant. Die eintlike pfundt is, as jy vir Brolloks vra, is dat julle, soos Beeld wat ook al een van ons advertensies geweier het, bloot net nie hou van Vrye Weekblad se reguit houding oor apartheid nie.

* Dis darem lekker om hier in Afrika se sonskyn so wit en bevoorreg te wees, nie waar nie? En dit terwyl jul genote in die geboorteland net op meriete êrens kom!

## Die liberals se lang messe

Wie't gesê die liberals kan ook nie die lang messe uithaal nie? Dit was nogal 'n vermaaklikheid toe drie joernaliste op die blaaie van The Star aanmekaarspring - oor die oorlye van die Rand Daily Mail.

Die eerste een wat die mes uitgetrek het, was John Matisonn, 'n senior vryskut-joernalis wat vroeër vir die RDM gewerk het. Hy het 'n robuuste resensie oor Joel Mervis, gewese redakteur van die Sunday Times, se boek oor die Times Media-groep, The Fourth Estate, geskryf.

Soos meeste ander joernaliste en regdenkendes, het Matisonn nie die storie gesluk dat die RDM homself doodgebloei het nie, en dat die super-geldmagte agter die koerant niks aan die wankelrige bestuur kon doen nie.

(Laat Brolloks nou vir julle binneinligting gee: dit was uit en uit 'n politieke besluit om die RDM toe te maak en met Business Day te vervang. Die RDM het te links geword vir die groot kapitaliste, sien!)

Maar Johnny se mes was 'n knipmessie teen die slagmes wat oom Joel toe uittrek. In 'n antwoord op die resensie kom hy sommer The Star se redakteur, Harvey Tyson, by omdat hy die resensie toegelaat het!

Hy noem Matisonn onder meer 'n "disgruntled literary whipper-snapper". Oor Matisonn se stelling dat die boek, wat in opdrag van Times Media geskryf is, "nie die plek is om 'n gebalanseerde geskiedenis te soek nie", skryf die oubaas: "What insolence! What impertinence from a man who was not a success at Saan and does not seem to have made much progress in journalism!"

Ag nee wat, oom Joel. As jou feite in jou boek so verkeerd is as jou feite oor Matisonn se joernalistieke status, dan aanvaar Brolloks sommer voordat hy dit gelees het dat dit 'n whitewash is.

En toe kom Ken Owen van Business Day ook by met sy mes - nie so 'n grote nie, maar skêrp. "The Editor of the Star ... commended Mr Matisonn's review as being written by a 'victim' of the collapse at Saan. As a fellow victim (I lost two editorships in the crash), I detect in the editor's comments a note of solidarity.

"Therefore I shall watch with hope and sympathy as The Star continues its struggle to hoist again the banner under which the RDM went to its death." Sjoe.

* Pasop Ken, die ánder "opvolger" van die RDM, die Weekly Mail, is besig om jou koerant se verkope in te haal...

## Dit gaan êrens slegter


Brolloks het 'n bietjie getroos gevoel toe hy dié stukkie van Agence France Presse uit Sri Lanka sien.

Daar is darem 'n ander land ook waar 'n mens moet toestemming kry voor jy kan rapporteer dat 'n soldaat 'n wind opgebring het!

```
NSNS
 RGEAB0244 4 /AFP-JU08
SRILANKA-ELEPHANT
      SRI LANKAN TROOPS CALLED IN TO RESCUE WOUNDED ELEPHANT
   (THIS REPORT WAS CENSORED)

   COLOMBO, JULY 11 (AFP) - SRI LANKAN SECURITY FORCES HAVE BEEN
CALLED TO RESCUE A WOUNDED WILD ELEPHANT BOGGED DOWN IN JUNGLES IN
THE SOUTH FOR TWO WEEKS, MILITARY OFFICIALS SAID TUESDAY.
   LOCAL PEOPLE WERE TAKING COCONUT PALMS AND JAGGERY TO FEED THE
ELEPHANT WHICH WAS PROBABLY WOUNDED BY A FARMER'S TRAP GUN AND FELL
INTO A WATERWAY IN SIYAMBALANDUWA, 250 KILOMETERS (150 MILES) SOUTH
OF HERE, A SPOKESMAN SAID.
```

# Dis ope brief-seisoen, en alles gaan klopdisselboom




Egbertus Klaagvoort

## Ope brief aan die Volksheld

U VREESLIKE Eksellensie, u Eksellente Vreeslikheid,

Met my gaan dit goed, hoe gaan dit met u? Dis ope brief-seisoen, en waarom nie enetjie uit die beskeie Klaagvoort-resedensie nie?

Groete van Moeder en Miesies Klaagvoort, hulle wens u 'n sappige final fling voor die verkiesing, en mag u dogters vele seuns baar, verkieslik binne die huwelik.

Oswald wens u groen vingers, sal 'n mooi verandering wees na die Skoon Administrasie se lang vingers meen hy, en jy kan nie met Oswald stry nie. Present company excluded, natuurlik, ek weet u stry met enigeen oor enigiets, uit beginsel.

Ewenwel, ek was so bly om van Vader Mandela te hoor dat Kobietjie nie gelieg het nie, dat jy waarlik in staat was om iemand te woord te staan, al was dit net welwillend en nie gewigtig nie. En al was dit nou net 'n tea party, om nou nie by die ou wederhelf af te steek nie. Smaak my haar party was so effens meer upmarket, maar dan was jou geselskap weer beter.

Edele man, dit het die afgelope tyd so stil geraak daar in die paleis, mens het gevrees hulle het u op die instruksies van die beweerde partyleier opgestop en dalk in 'n glaskas uitgestal. Dis dié dat mens dit so verwelkom wanneer u met een van u unieke onvoorspelbaarheidjies vorendag kom, soos om op 'n besoekende welwillende Duitse minister te skreeu.

Ons moet immers poog om op elke moontlike manier bande te smee. Die volk is maar voos, ons het ook al amper daaraan gewoond geraak dat 'n blote minister die land sonder mandaat oorsee gaan verteenwoordig. Bepaal die jongste grondwet dalk dat die beweerde minister van Opvoeding die staatshoof is? (Bevrees dis moeilik om by te hou met al die nuwe grondwette en ander slenters.)

Egbertus het begin bekommerd raak dat u hoogedele dalk onsigbaar geword het van al die teedrinkery, dis nie net Miesies Volksheld se onthale wat op die hart druk nie, maar welwillendheidsbesoeke. Dat selfs die antichris nou in die royal parlour onthaal word, is dawerend sappig, en die tee het seker mildelik gevloei.

U weet, in die gevaarlike tye waarvan u ons so dikwels vertel het, kan mens nie te versigtig wees met wat jy drink nie, vra maar vir Frank Chikane. Veral tog twee keer dink voordat jy 'n koppie van Ceylon se beste wegslaan, 'n mens kan mos nie die Oosterlinge vertrou nie, daarvoor is Madam de Klerk tog gesag, of drink u en die De Klerks nie saam tee nie?

Come to think of it, as daar iemand is wat 'n onsigbaarheidsfoefie in die Tuynhuys-tee sal wil gooi, is dit seker juis die De Klerks, maar dit daar gelaat.

### Blou vitrioel

In Egbertus se jongdae is die tee op Landsdienskampe mos met blouvitrioel gedokter, die meisies was dae lank bek-af, dis mos duidelik dat die goed 'n mens so half onsigbaar maak wanneer dit tel. Ek dog ek waarsku maar.

Volksheld jong, ek neem nou eintlik vandag die pen op oor dié gedoente van welwillendheidsbesoeke. Egbertus wonder nou mos of dit nie moontlik is om self so 'n blitsbesoekie in die paleis te kom aflê nie, ons sal land en sand gesels, ons het dan soveel gemeen. En dit sal 'n wonderlike scoop vir Miesies Klaagvoort wees met die verkiesing van die Koeksistergilde voor hande; ek meen te sê, sy kan dan by Madam de Klerk spog dat haar man by die Volksheld kuier - dis tog seker meer as wat Madam de K kan beweer, of hoe?

### Bietjie dweep

Ons kan straks oor die Skoon Administrasie gesels, selfs 'n bietjie dweep sal geoorloof wees, want daar het darem seker 'n volle twee weke verloop sonder dat 'n Lid van die Administrasie onthul is as 'n vieslike inhalige fatcat. En u is welkom om oor Madam de Klerk se man by my te skinder, of moet ons hom 'n kans gee?

Ek het 'n effense probleempie, en dit is dat ek nie in die tronk is nie, maar laat ek haastig byvoeg dat life with Miesies Klaagvoort seker darem as 'n vorm van aanhouding kwalifiseer.

Oswald sê dis nader aan gevangenisstraf as aan gemeenskapdiens, en Oswald sal weet.

Ek hoop dus nie die tronkgedoente is 'n struikelblok nie. Die ander ou skaafplekkie is dat ek geweld afgesweer het nadat ek die televisiestel te lyf gegaan het toe Agter Elke Man 'n spul toekennings vir gehalte ontvang het.

Diskwalifiseer so 'n afstanddoening van geweld my vir tee?

Don't get me wrong, ek glo u Alwysheid het tog te fraai opgetree deur ons voorste gevangene te ontvang sonder om voorwaardes te stel. Selfs u pasifistiese self sweer immers nie geweld óf uitbarsting af nie.

Maar u het tog, toe u nog laas u hoogedele mond oopgemaak het, die wêreld geantagoniseer met u weerbarstige aandrang dat u nie met mense (u was seker in ruimhartige luim om dié woord te gebruik) praat wat nie eers geweld afsweer nie.

Ek moet sê dis al te sappig om u hoogste generaal (nee, nie Magnus nie, ek praat van 'n real life general) nou ook sê: "You don't demand a ceasefire as a precondition for negotiation; you negotiate a ceasefire." Dis mos wat ons almal nog die heeltyd sê, en dit geld ook die antichris en sy standpunt oor geweld.

Laat tog gou van u allervreesliksste self hoor, ons verlang baie.

Met soentjies en drukkies, sê Moeder, en Oswald voeg 'n ekstra drukkie by vir Rozanne, dis mos nie meer onwettig nie, is dit?

*Egbertus Klaagvoort.*

## Ope brief aan Egbertus

Geagte meneer Klaagvoort,

Met my gaan dit klopdisselboom, dankie, as ek 'n ou uitdrukkinkie van professor Boshoff en die kêrels mag leen, ek sal dit weer teruggee.

Ek kan nie lank skryf nie, u ruimte is beperk en ek moet die swartsakke gaan uitsit voor die lorrie kom, as hy dit misloop krap die worshonde die sakke stukkend en dan raas die vrou.

Laat ek eerste van alles vir u sê hoe baie ek u rubriek geniet, ek en Mister Mandela het juis u rigtinggewende kommentaar bespreek nou die dag. Ons het toegegee dat dit nie op die oomblik 'n strydpunt is nie. Ons bewonder u waagmoed, as ek 'n woordjie by myself mag leen.

Net 'n waaghalsige sal daarvan droom om die Partyleier net elke twééde paragraaf te noem. Hou so aan, ek sal u nog volop ammunisie gee voordat ek die laaste koninklike swartsak uitsit.

Nee, ons sien so min as moontlik van die De Klerks, is hulle dan nie doppers nie? Tee drink ons beslis nie saam nie, en terloops dankie vir die raad oor die onsigbaarheid, ek dog dis die swak spieëls hier in die paleis, of dalk die ouderdom. (Ek loop voortaan lig vir tee. Kan jy my meer vertel oor die blou-vitrioel, ek kan dit dalk laat voorskryf vir een van my kabinetslede, of het ek nie meer 'n kabinet nie? Kan nie onthou nie.)

Iedergeval, waarom moet ek vir FW 'n kans gee? Het hy nie genoeg kanse gehad nie? Is hy nie 'n blerrie chancer nie?

Kan nie nou 'n kuier toestaan nie, die tee is op. Die ekonomie is nie wat hy was nie. Vertel my meer van Oswald? *- Met heldeverering, PW Rex*

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill.

# Hongarye skeur die ystergordyn verder

**Die 1956-opstand in Hongarye en die daaropvolgende teregstelling van die destydse eerste minister Imre Nagy, is onderwerpe waaroor daar drie dekades lank in dié land geswyg is. Nou is dinge besig om te verander. Nagy se beeld is besig om reggestel te word, en Hongarye dien as eksperimentele laboratorium vir die transformasie van kommunisme. JANA MIKOSKA doen verslag**

PARYS - Met die amptelike rehabilitasie van die voormalige eerste minister, Imre Nagy, en vier van sy bondgenote wat tereggestel is nadat die Russe die 1956-opstand onderdruk het, het Hongarye nog 'n skeur in die ystergordyn gemaak.

Die amptelike Hongaarse nuusagentskap MTI beraam dat 250 000 mense by die amptelike begrafnis op 16 Junie, presies 31 jaar nadat Nagy weens hoogverraad gehang is, opgedaag het. Die seremonie is deur 'n aantal senior regeringsamptenare, lede van die parlement en ambassadeurs van ander kommunistiese lande bygewoon.

Die sekretaris-generaal van die kommunistiese party en dié land se top-leier, genl Karoly Grosz, was opvallend afwesig. Die dag van die begrafnis is as 'n dag van nasionale rou uitgeroep. 'n Minuut stilte is gehou ter nagedagtenis van die slagoffers (volgens amptelike rekords is 227 mense tereggestel) van die 1956-opstand.

Die vyf doodskiste, gedrapeer in swart met die name van Imre Nagy, Pal Maleter (minister van Verdediging), Geza Losonczy (junior minister), Miklos Gimes (joernalis) en Jozsef Szilagyi (Nagy se persoonlike sekretaris) daarop geskryf, is begrawe in die Rakoskeresztur-begraafplaas in Boedapest. Die vyf is oorspronklik in 'n gesamentlike graf saam met die karkasse van dieretuindiere gegooi.

Aan die einde van Mei het die Hongaarse Sosialistiese Party verklaar dat die teregstellings van Nagy en sy vier bondgenote "onwettig" was en is hulle as "goeie kommuniste" beskryf. Sy amptelike rehabilitasie is 'n week voor 16 Junie uitgeroep.

Die aankondiging van Nagy se rehabilitasie is gevolg deur die Sentrale Komitee van die Party se uitspraak dat hy "geskiedkundig 'n belangrike persoon" was. 'n Senior minister en leier van die Hongaarse hervormingsbeweging, Imre Pozsgay, sê Nagy het "al die belangrike aansprake waarop vandag gekonsentreer word, byvoorbeeld die veelpartystelsel, geformuleer".

Pozsgay, wat ook aan die hoof staan van 'n komitee om Hongarye se na-oorlogse geskiedenis in heraanskouïng te neem, het opspraak verwek met sy aankondiging dat die 1956-opstand 'n populêre opstand en nie 'n teen-revolusie was nie.

Pozsgay se oproep dat "alle kommunistiese stelsels weggevee" moet word, het hewige reaksie by partyleier Karoly Grosz en die eerste minister Miklos Nemeth uitgelok.

Tog geniet Pozsgay se idees groot aanhang onder die bevolking. Ná 40 jaar se dwang om by die kommunistiese patroon in te skakel, het die Hongaarse jeug begin protesteer teen die Russiese taallesse op skool, en het ook hul organisasie se naam verander van KISZ (Kommunistiese Hongaarse Jeugorganisasie) na DEMISZ (Demokratiese Hongaarse Jeugorganisasie)

Twee dae voor Nagy se herbegrafnis het die Hongaarse regering 'n verklaring uitgereik waarin gesê word: "Die ideale en die demokratiese en humanitêre pogings van Imre Nagy en sy bondgenote het 'n belangrike komponent van die Hongaarse politiek geword."

In baie opsigte het Hongarye nou meer gemeen met die Europese demokrasieë as sy kommunistiese buurmanne. Die land is besig om te eksperimenteer met privatisering en is 'n lid van die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank.

Hongarye is ook die eerste Oosblok-land wat diplomatieke betrekkinge met Suid-Korea aangeknoop het. Hongarye het ook 'n aktiewe handelsverhouding met Taiwan.

Sedert Janos Kadar, partyleier van 32 jaar, 'n bietjie meer as 'n jaar gelede deur Karoly Grosz vervang is, het verandering baie vinniger plaasgevind: onafhanklike vakbonde het tot stand gekom, die doringdraadversperrings tussen Hongarye en Oostenryk is verwyder, die pers geniet ongekende vryheid en die moontlike onttrekking van Sowjet-troepe word ópenlik bespreek. Hongarye het ook ietwat van 'n forum geword vir die Oosblok-lande waar hul sienings geopper kan word: Alexander Dubcek, die held van die Praagse Lente van 1968, is onlangs in 'n onderhoud op Hongaarse televisie gesien.

Hongarye se nuwe grondwet, wat na verwagting dié jaar aanvaar sal word en die Stalinistiese grondwet van 1949 sal vervang, verwys nie eens na die Party se leierskaprol nie.

Hongarye word nou beskou as die "eksperimentele laboratorium vir die transformasie van kommunisme". Dit lyk asof Moskou gewillig is om dinge toe te laat om hul gang te gaan. - AFP

## Imre Nagy en die Hongaarse Nasionale Opstand



Imre Nagy

*** DIE Hongaarse Nasionale Opstand het op 22 Oktober 1956 begin. Studente in Boedapest het 'n petisie met 16 punte voorgelê aan Matyas Rakosi se Stalinistiese regering. Hul eise het die heraanstelling van Imre Nagy as eerste minister ingesluit. Hulle het ook aangedring op die onttrekking van Sowjet-troepe aan Hongarye, vrye verkiesings en vryheid van spraak.**

*** Op 23 Oktober het studente en werkers in Boedapest 'n standbeeld van Stalin omgegooi, die radiostasie stormgeloop en die heraanstelling van Nagy geëis. Die volgende dag is Enroe Geroe deur Janos Kadar as partyleier vervang, en Nagy is toevertrou met die samestelling van die regering.**

*** Teen 25 Oktober het die opstand deur die land versprei en 'n algemene staking is uitgeroep. Nagy en Kadar het 'n oproep tot kalmte gedoen en geprobeer om met die Sowjet-Unie te onderhandel.**

*** Op 1 November, terwyl Sowjet-troepe Hongarye binnestroom, het Nagy Hongarye se neutraliteit en uittrede uit die Warskou-ooreenkoms aangekondig.**

*** Op 3 November het 'n Hongaarse afvaardiging onder leiding van die minister van Verdediging Pal Maleter 'n ooreenkoms dat die Sowjet-troepe sal onttrek, verkry. Teen middernag het die Sowjet-veiligheidspolisie die lede van die Hongaarse afvaardiging in hegtenis geneem.**

*** Op 4 November is die opstand onderdruk.**

*** Nagy het in die Joego-Slaafse ambassade gaan skuil. Agtien dae later het hy weer verskyn en gedink hy is veilig, maar op 22 November is hy en sy bondgenote na Roemenië gedeporteer en onder huisarres geplaas.**

*** In die herfs van 1957 is hulle teruggeneem Boedapest toe.**

*** Ondanks die verklaring van Janos Kadar dat daar "geen Nagy-verhoor" sal plaasvind nie, is Imre Nagy en Miklos Gimes weens hoogverraad skuldig bevind en op 16 Junie 1956 gehang. Geza Losonczi en Jozsef Szilagyi is in die tronk dood.**

*** Die volgende drie dekades sou die 1956-opstand en Nagy se teregstelling voorvalle bly waaroor nie gepraat mag word nie. - AFP**

# Speurskrywer werp nuwe lig op die Tsaar se dood

**Serge Manucci**

MOSKOU - Ongeveer 'n honderd Russe het te midde van vlae, blomme en beelde in 'n begrafplaas in Moskou byeengekom vir die 71e herdenking van die dood van Tsaar Nikolaas II.

Die diens, wat in die gronde van die Donskoi-klooster gehou is, is deur die Russiese koninklike volkslied geopen en deur die polisie dopgehou.

Die diens het in 'n hoek van die begraafplaas, waar baie van die ou Russiese koninklike familie begrawe is, plaasgevind.

Een vrou het begin huil toe die ou Russiese volkslied speel.

Verskeie mense het die ou blou, rooi en wit vlag van die eerste Russiese Republiek gewaai, ander het blomme en kerse vasgehou. Een van die ikone by die handgemaakte altar was 'n beeld van die Tsaar.

'n Komitee is in die lewe geroep om 'n petisie, wat 'n Christelike diens vir die oorskot ván die Tsaar en sy familie bepleit, op te stel.

Volgens die amptelike weergawe is Tsaar Nikolaas II al vir 70 jaar dood en in 'n mynskag in die Oeral-gebergtes begrawe.

'n Russiese speurskrywer, Geli Ryabov, betwis nou die weergawe van die verhaal op grond van die getuienis van nakomelinge van Yakov Yurovsky, die kommissaris wat vir die moord op die Tsaar en sy gesin verantwoordelik was.

Volgens 'n berig in die Moscow News, beweer Ryabov dat die graf met die oorskot van Nikolaas II en tien ander mense reeds 10 jaar gelede ontdek is en dat dié ontdekking geheim gehou is.

Die Tsaar, wat op 15 Maart 1917 gedwing is om te abdikeer, en sy gesin is tot Augustus van dieselfde jaar in Tsarskoe Selo aangehou. Daarna is hulle na Tobolsk in Siberië geneem en uiteindelik na Ekaterinburg (tans Sverdlovsk) in die Oeral.

Om middernag op 16 Julie 1918 het kommisaris Yurovsky die huis van die handelaar Ipatiev, waar die koninklike familie aangehou is, binne gegaan. Almal in die huis - Nikolaas, sy vrou Alexandra, Tsarevich Alexis, die groothertogin Olga, Tatiana, Maria en Anastasia, 'n dokter en drie bediendes is doodgeskiet.

Volgens die getuienis van Pierre Gilard, die Tsarevich se onderwyser wat kort ná die bloedbad by die huis aangekom het, is die Tsaar en sy familie in 'n klein kamertjie op die grondvloer vermoor, en nie in die kelder soos algemeen aanvaar word nie.

Vrese dat die koninklike familie dalk deur "wit" teenrevolusionêre ondersteuners gered gaan word, het blykbaar aanleiding gegee tot die slagting. Yakov Sverdlov, die plaaslike bevelvoerder van die Bolsjeviste, het waarskynlik die bevel gegee dat die Tsaar en sy familie vermoor moet word. Maar daar word wyd geglo dat Lenin die bevel gegee het.

'n Regter, wat 'n paar dae na die sluipmoord by die "wit" troepe aangesluit het, het die oorskot van die koninklike familie in die mynskag gevind - die ontbinde liggaam van die groothertogin se hond, die dekorasies op die Tsaar se uniform, die diamante wat die groothertogin in hulle klere vasgewerk het en selfs 'n vinger met 'n ring aan wat aan die Tsarin behoort het.

Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die liggame van die Tsaar en sy familie in stukke gesny en gedeeltelik met suur verwoes is voor dit in die skag gegooi is.

Yoruvsky is beveel om te verseker dat die liggame nooit ontdek of uitgeken word nie.

Die erg verminkte lyke is in 'n nabygeleë skag afgegooi.

Dit was die amptelike weergawe van die grusame verhaal.

Volgens Ryabov is die liggame nog heel na die mynskag geneem. Uit vrees dat die liggame ontdek gaan word, is Yoruvsky terug na Ekaterinburg. Op pad na die dorp het die vragmotor in die modder vasgeval en het hy besluit om daar en dan van die liggame ontslae te raak. Hy het hulle klere uitgetrek, hulle met 'n knuppel onherkenbaar gemoker en suur oor hulle gegooi. Daarna het hy hulle begrawe.

Ryabov beweer dat die graf in 1979 gevind is dat die liggame in die graf ongetwyfeld dié van die Tsaar en sy familie is.

Die geraamtes is besonder goed bewaar, wat daarop wys dat die suur deur die sagte grond opgeneem is. Selfs tandheelkundige prostese was herkenbaar.

Baie Westerse kenners betwis Ryabov se bewerings en verwys na die dinge wat in die mynskag gevind is. Hulle erken wel dat Yurovsky moontlik die oorskot van die hond en die juwele in die mynskag kon afgegooi het nadat hy die liggame begrawe het. - AFP

# Dwergsjimpansees se liefdeslewe skok navorsers

**Vilem Bischof**

MY WÊRELD!

PARYS - Dierkundiges wat die seldsame dwergsjimpansees in die suidweste van Zaïre bestudeer, is geskok oor dié diere se sekslewe.

Hulle navorsingsnotas lees soos 'n pornografiese tydskrif: vrye seks, "French kissing", uitbundige vattery en baie intieme fantasieë...

Volgens die Nederlandse dieresielkundige, Frans de Waal, wat die sjimpansees in aanhouding en in die tropiese woude van Zaïre bestudeer het, kan die sjimpansees net mooi niks by die mens oor seks leer nie.


Hy het sy bevindings in die jongste uitgawe van die Franse wetenskap-tydskrif, La Recherche, gepubliseer.

De Waal, wat bekend is vir sy navorsing op 'n groep sjimpansees in die Arnheim-dieretuin in Nederland, het die dwergsjimpansees in die San Diego-dieretuin in Kalifornië bestudeer. Sy studie word deur Japanse dierkundiges, wat navorsing op wilde sjimpansees gedoen het, ondersteun.

Min inligting bestaan oor dié seldsame diere wat in afgeleë woude in die suidweste van Zaïre voorkom. Hulle beweeg in groepe van tussen 15 en 40 en vreet wilde vrugte en insekte.

Die sjimpansees, wat ook bekend staan as bonobos, is eers in 1929 ontdek, maar die mens het tot onlangs maar min van dié seldsame diere geweet.

Navorsers het ontdek dat die dwergsjimpansee anders as ander sjimpansees ontwikkel het, nie net omdat hulle in afgeleë gebiede voorkom nie, maar ook omdat hulle anatomie dieselfde is as die vermiste aapskakel tussen mens en dier.



Sielkundige toetse in die VSA het nou meer inligting oor die diere bekend gemaak.

Een van die dwergsjimpansees, Kanzi, kan met behulp van geometriese simbole met 'n rekenaar kommunikeer. Hy het dit by sy ma, wat deel van 'n groep ape was waarop sielkundige eksperimente uitgevoer is, geleer.

Op die ouderdom van twee en 'n half jaar was hy, volgens een van die navorsers, net so ver ontwikkel soos 'n gewone sjimpansee van sewe jaar.

Self al kan die sjimpansees nie praat nie, verstaan hulle Engels. In 'n reeks toetse kon Kanzi elke vraag met behulp van 'n rekenaarsleutelbord korrek beantwoord. Biologiese toetse het bewys dat die dwergsjimpansee menslike bloedoortappings kan ontvang.

Weens die anatomie van die vroulike sjimpansee het dié diere, soos die mens, seks van aangesig tot aangesig. Volgens De Waal en die Japanse navorsers het die dwergsjimpansees meer dikwels as enige ander sjimpansee-spesie seks.

"Homoseksualiteit" kom ook onder hulle voor en baie van die vroulike sjimpansees vryf mekaar se geslagsdele. Hulle het ook baie menslike eienskappe in hulle geslagsomgang - nie net deur hulle tong te gebruik wanneer hulle "soen" nie.

Die sjimpansees gebruik ook seks om sosiale spanning te verlig. Volgens De Waal gebruik die vroulike sjimpansees hulle sjarme om 'n mannetjie, wat besig is om te vreet, te verlei en steel dan sy kos gedurende die seksdaad. - AFP

# Gesoek: iemand om dood te maak

MONROVIA - Die voormalige minister van verdediging van Liberië, genl-maj Gray Allison, sy vrou en nege ander word hier van die rituele moord op 'n polisieman aangekla.

Die onthoofde liggaam van Melvin Pyne is op 31 Maart naby die Allisons se huis gevind. Volgens die minister van justisie, Jenkins Scott, sal Allison voor 'n militêre hof verskyn terwyl sy vrou en die ander verdagtes in 'n kriminele hof aangekla sal word.

Volgens Scott het verdagtes, insluitend 'n polisie-inspekteur, gesê dat Allison hulle gevra het om 'n persoon te vind "wat hy vir rituele doeleindes kon vermoor om sy selfsug en hebsug te bevredig".

Scott het verdagtes aangehaal wat gesê het dat Pyne se bloed in 'n houer opgevang is en sekere liggaamsdele na 'n toordokter geneem is nadat sy kop afgekap is.

Allison is twee weke gelede uit sy ministerspos geskors nadat dit geblyk het dat hy by die moord betrokke kan wees. - AFP

## *Seksuele selfverwurging*

AMSTERDAM - Die erotiese genot wat selfverwurging aan mense verskaf is die oorsaak van meer as 100 sterfgevalle 'n jaar in Nederland.

Die tegniek, wat bekend staan as "masturbatory asphyxation" kombineer 'n orgasmiese gevoel met bewussynverlies deur 'n tekort aan suurstof na die brein.

"Mense wat die tegniek gebruik is nie bewus van die risiko wat hulle loop nie," het prof R. van Lunsen, hoof van die departement seksologie van Amsterdam se mediese fakulteit in 'n onderhoud met die weeklikse tydskrif, Gay Krant, gewaarsku.

"Sommige mense voer dit te ver en verloor hul bewussyn," het hy gesê. "Die sterftes word gereeld, verkeerdelik, aan selfmoord toegeskryf." - AFP

## 'n Sel vir dié Boeddhis

OSAKA, Japan - 'n Boeddhistiese priester, wat 8 masseersalonne besit en vroue gedwing het om seksuele gunsies aan hom te bewys, is tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis.

Yoshifumi Ito, 44, 'n voormalige hoof van die Shihonji-tempel, is ook met 1,5 miljoen yen (ongeveer R25 000) beboet.

Ito is in 1986 in hegtenis geneem en daarvan aangekla dat hy Japan se wet op prostitusie verbreek het. Hy was ook bestuurder van 'n nagklub en 'n hotel wat kamers aan paartjies per uur verhuur het. - AFP

## Mao leef nog in dié provinsie

**BEIJING - Sommige Chinese kleinboere glo Mao Tse Tung lewe nog en dat China steeds in die greep van die kulturele revolusie is.**


**Volgens 'n Engelstalige dagblad weet baie kleinboere nie wie die land se leiers is nie.**

**Die Partyraamwerk word vir die onkundigheid onder boere in die suidwestelike Guizhou-provinsie verantwoordelik gehou.**

**Mao Tse Tung is in September 1976, 'n maand voor sy vrou Jiang Qing in hegtenis geneem is, oorlede. Dit het die kulturele revolusie tot 'n einde gebring. - AFP**

## Dié week in die nuus

### Suider-Afrika



**FW de Klerk,** hoofleier van die Nasionale Party, en Pik Botha, minister van Buitelandse Sake, voer in Maputo samesprekings met president Joaoquim Chissano. Dit kan die weg baan vir groter samewerking in Suider-Afrika en vrede in Mosambiek, sê De Klerk. Volgens hom kan dit die tien lande in Suider-Afrika nader bring aan 'n gesamentlike spitsberaad oor streeksamewerking.

**President Daniel Arap Moi** van Kenia kom terselfdertyd in Maputo aan. Kenia tree as arbiter op om vredesamesprekings tussen die MNR en Mosambiekse kerkleiers te reël.

**Die Mandela-gesin** kom by ANC-leier Nelson Mandela se huis by die Victor Verster-gevangenis buite die Paarl bymekaar vir sy 71e verjaardag. Winnie Mandela sê sy verwag nie dat haar man hierdie jaar nog vrygelaat sal word nie.

**Herman Cohen,** Amerikaanse onderminister van buitelandse sake belas met Afrika, keer terug na die VSA na 'n besoek van tien dae aan Afrika. Hy sê die Suid-Afrikaanse regering en die ANC is op pad na onderhandeling.

**Die ANC** doen 'n beroep op anti-apartheidsorganisasies binne en buite Suid-Afrika om 'n "gemeenskaplike standpunt" te help formuleer met die oog op 'n onderhandelde skikking.

**Dr Andreas Wassenaar,** voormalige bestuurder van Sanlam, waarsku in sy jongste boek, Squandered Assets, teen moontlike manipulasie en korrupsie by die uitreiking van aandele aan staatsamptenare wanneer sake-ondernemings geprivatiseer word.

**Die Upington 14** stuur 'n petisie aan die Hoofregter om vir begenadiging te vra nadat hulle ter dood veroordeel is weens die dood van konstabel Lucas Sethwala in Paballelo, Upington, in November 1985.

**Meer as 3 000** versoekskrifte vir die opheffing van inperkingmaatreëls op voormalige aangehoudenes word deur die Pretoriase voorsitter van die Black Sash, Kerry Harris, by die polisie-hoofkwartier te Wachthuis, Pretoria afgelewer.

**Ethiopië en die ANC** vra die OAE se ministersraad by die opening van hul jaarlikse kongres om prioriteit te verleen aan die vraagstukke van Namibia en Suid-Afrika. "Sonder die bevryding van Namibia en Suid-Afrika is Afrika se onafhanklikheid onvolledig," sê Ethiopië se president Mengistu Mariam in sy openingstoespraak in Addis Ababa.

**Minstens 31 mense** sterf in die geweld in Natal. Dit bring die dodetal sedert September 1987 op 828 te staan.

**Bophuthatswana se regering** verbied die Black Sash en die Transvaal Rural Action Committee se bedrywighede in dié gebied.

**Die Christian Reformed** Church of North America (CRC) skort sy bande met die "wit" sinode van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika tot 1992 op. Volgens die CRC dui die Gereformeerde Kerk se onlangse sinodebesluit oor rasseverhoudinge steeds op steun vir apartheid, wat 'n sonde is. Die teologiese verdediging daarvan kom neer op kettery, sê die CRC. Intussen word berig dat die Wêrelbond van Gereformeerde Kerke op sy vergadering in Augustus in Seoel, Suid-Korea, 'n aanbeveling gaan oorweeg dat die NG Kerk se beleidstuk Kerk en Samelewing onvoldoende is om dié Kerk se skorsing uit die Wêreldbond op te hef. Die NG Kerk en die Hervormde Kerk is in 1982 uit die Wêreldbond geskors omdat "die twee kerke nog nie die waagmoed gekry het om te besef dat apartheid in stryd met die wesenlike aard van die Kerk is nie".

**Wynand Malan,** mede-leier van die Demokratiese Party, en vier ander DP-ampsdraers voer in Luanda samesprekings met die Angolese minister van justisie, dr Fernando van Dunem. Dit is dieselfde DP-afvaardiging wat in die naweek in Lusaka samesprekings gevoer het met die Zambiese president, dr Kenneth Kaunda, en ampsdraers van die ANC.

### Wêreld

**Meer as honderd** lede van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers versoek pres George Bush om min FW de Klerk nie te ontmoet voordat die noodtoestand en die verbod op die ANC en ander politieke organisasies opgehef is en politieke gevangenes vrygelaat is nie.

**Die Poolse leier,** genl Wojciek Jaruzelski, sê hy sal hom vir die presidentskap beskikbaar stel nadat hy die ondersteuning van Lech Walesa, leier van die ontbanne Solidariteit-vakbondbeweging gekry het. Jaruzelski het Solidariteit agt jaar gelede verbied.

**Meer as 100 000** mynwerkers in die Sowjet-provinsie Siberië staak vir groter beheer oor hul lewens- en werksomstandighede.

**In die Sowjet-provinsies** Georgia en Abkhazia bestorm betogers amptelike geboue en tronke en bevry sowat 180 gevangenes. Die regering stel 'n aandklokreël in nadat die onluste in Abkhazia 18 lewens geëis het.

**Herbert von Karajan,** wêreldberoemde Oostenrykse dirigent, sterf op die ouderdom van 81 jaar.

**Vloedrampe in China** het sedert 1 Junie minstens 1 360 lewens geëis, berig die amptelike Chinese nuusagentskap.

**Onluste breek uit** in Mogadishu, die hoofstad van Somalië. Somaliese regeringsmagte skiet meer as 1500 mense dood en wond minstens 2 500. Die onluste het skynbaar uitgebreek toe burgers begin betoog het vir 'n demokraties-verkose regering in die plek van die huidige regime. Volgens berigte is sommige burgers deur die weermag uit hul huise na 'n onbekende bestemming geneem. Nasionaliste beweer dat regeringsmagte in die noorde van die land gemuit het om die opstand in Mogadishu te steun.



**Westerse regeringsleiers** beëndig hul spitsberaad in Parys. Hulle ondersteun hervormings in sosialistiese lande, beywer hulle vir bewaring van die omgewing en doen 'n beroep op handelsbanke om die derdewêreld-skuldlas te help verlig.

**Die VSA bied** aan om tot 250 000 dollar vergoeding te betaal aan die gesinne van mense wat gesterf het toe 'n Iranese passasiersvliegtuig verlede jaar deur die Amerikaanse skip, die USS Vincennes, afgeskiet is. Die gesinne se prokureurs in Abu Dhabi verwerp die aanbod. Hulle eis 1,5 miljoen dollars vir elke passasier se gesin.


**Die Amerikaanse B-2** vegvliegtuig onderneem sy nooiensvlug te midde van sterk kritiek teen die koste van "die duurste vliegtuig in die wêreld", wat meer as 2 biljoen dollar kos.

**Drie Ugandese weermagoffisiere** word in hegtenis geneem nadat 50 jeugdiges in aanhouding versmoor het. Nog 'n offisier pleeg selfmoord.

**President Daniel Arap Moi** van Kenia verbrand 4 000 olifanttande wat van wilddiewe afgeneem is in 'n gebaar om die wêreldwye verbod op ivoorhandel te ondersteun. Intussen vra 'n Zimbabwiese senator, James Thrush, die regering van Zimbabwe om beswaar te maak teen 'n verbod in ivoorhandel van sekere lande, omdat dit aanvaar is sonder om die lande wat geraak word, te raadpleeg. Volgens hom sal die verbod wilddiefstal aanmoedig.

# En waar was die wittes by Wits?

**Wit sportmense en -administrateurs het geskitter in hul afwesigheid by die National Sports Congress (NSC) se konferensie oor eenheid in sport wat die afgelope naweek by Wits gehou is. TOMMY BEDFORD gee sy mening**



BITTER min wit Suid-Afrikaners weet wat verlede naweek by Wits gebeur het.

Die meeste van hulle, so vermoed 'n mens, het na die begin van die tweede rondte van die Curriebeker gekyk - òf in die vlees òf op televisie òf met ore teen die radio.

Normaalweg sou dit presies wees wat ek doen. Omdat ek in Johannesburg was, sou ek beslis Loftus toe gegaan het om te sien hoe die Blou Bulle vir WP afslag.

Die wit koerante en die SAUK het verlede naweek meer aandag aan rugby gegee as gewoonlik, seker weens die euforie omdat die voorgestelde internasionale rugbytoer - wat in Augustus as deel van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se eeufeesvierings plaasvind - 'n werklikheid begin raak en nie meer net praatjies is nie.

Hulle het verkies om die gebeure op die Wits-kampus te ignoreer.

Wat dit so betreurenswaardig maak, is die feit dat dié beraadslagings "internasionale" toere vir tradisioneel wit sportliggame moontlik kan maak.

As die voorgestelde National Sports Congress (NSC) tot stand kom, gaan wit Suid-Afrika waarskynlik nooit weer 'n internasionale rugbytoer geniet nie - ten minste nie een wat deur die SARR geborg word nie. Tot nou toe was daar darem een elke vyf jaar.

Die kanse is so te sê nul dat daar weer ware Springbokke (rugby, krieket, atletiek of enigiets anders) sal wees indien die SARR voortgaan met hul toer van internasionale spelers (dit maak nie saak hoe "individueel" hulle is nie).

Die breë demokratiese beweging (BDB) het baie sterk gevoelens oor dié toere. Dit het duidelik na vore gekom tydens die konferensie.

Die NSC sal hul oë op die toekoms moet rig - met ware sportmanskap as een van hul demokratiese beginsels.

Sal hulle nie dalk self verval in die voorskriftelikheid van die Broederbond in die wit gemeenskap en meer onlangs dié van Sacos in die Indiër- en bruin gemeenskappe nie?

Dit was vir my as uitgenooide individu by die konferensie duidelik dat ons onder apartheid erg gepolariseer geraak het.

Dit sal mense met visie en inbors verg om die NSC op 'n pad van regverdige, nie-rassige demokrasie in sport en politiek te lei. Dié mense wat 'n oog om 'n oog en 'n tand om 'n tand wil hê, het op die konferensie al te maklik geswig voor die versoeking om terug te kyk na die ongelykhede van die verlede.

As die NSC nie gelei word deur mense met 'n nuwe visie vir 'n nuwe Suid-Afrika nie, is die kanse goed dat tweespalt ook dié organisasie kan skaad.

Die feit dat Sacos besluit het om die konferensie amptelik te boikot - onder meer weens my teenwoordigheid as "rassis" - wys net hoe nodig ware leierskap in die NSC is sodat hulle nie oor die eerste hekkie op pad na eenheid struikel nie.

As ek 'n "rassis" is, dink net aan die res van die wit gemeenskap. En wat van Sacos?

Dit is betekenisvol dat die wit gemeenskap, wat grootliks verantwoordelik was vir die handhawing van apartheid, heeltemal afwesig was by die konferensie. Die Danie Cravens, Joe Pamensky's en Hugo Oliviers is juis die mense wat die NSC uitgenooi moes gewees het en daar moes wees!

Ons moet ongetwyfeld met mekaar praat. Daarom hoop 'n mens dat die loodsingskomitee van die NSC sal bestaan uit mense met die durf om met alle mense, ongeag ras, kleur of sportaffiliasie, te praat.

Wit Suid-Afrikaners, sportadministrateurs inkluis, kan dalk dink hulle weet wat "nie-rassig" beteken. Hulle weet nie.

Die bruin en swart Suid-Afrikaners van die breë demokratiese beweging het verskillende definisies van die begrip, gebore uit hul omstandighede van onderdrukking.

Totdat ons bymekaar kan kom as mense om presies te leer wat "nie-rassig" beteken, sal die geleenthede om harmonie en begrip in sport te bereik ons almal steeds ontwyk - dié wat by Wits was, én almal wat op Loftus was.

BOKS:

## Die Wonderseun teen die Columbiaan

**Thabo Daniels**

VUYANI "Wonderboy" Nene, die Suid-Afrikaanse junior vlieggewigkampioen, gaan op 6 Augustus in die Uitenhage Binnemuurse Sentrum kragte meet teen die Columbiaan Augustin Garcia.

Piet Hancke van Heart and Homes-promosies het dit verlede week aangekondig.

Volgens Hancke sal die 32-jarige Columbiaan, derde gekeur deur die World Boxing Association (WBA), die skoolseun van Uitenhage se strafste teenstander nog wees.

"Hy is 'n ervare stryder, het twee keer om die wêreldtitel geveg en het nog net ses van sy 39 gevegte verloor."

Garcia se laaste geveg was op 15 April toe hy deur Korea se Bong Jun Kim om die junior vlieggewigtitel van die World Boxing Council (WBC) geklop is. Die Koreaan het hom in die tiende rondte planke toe gestuur.

In sy ander titelgeveg het hy 'n tegniese uitklophou-loesing in die sewende rondte van 'n ander Koreaan, Jang Koo Chang, gekry. Dit was vir die WBA-titel in 1986 - drie maande voordat Nene die Suid-Afrikaanse titel van Odwa Mdleleni verower het.

Intussen word 'n internasionale geveg in die vooruitsig gestel vir Jerry "Beirut Bomber" Ngobeni, die Kaapse junior liggewigkampioen, indien hy Patrick "Skeleton" Mboma in hul Kaapse titelgeveg op Uitenhage klop.

Daar is sterk gerugte dat Frankryk se Daniel Londas - geen onbekende vir Suid-Afrikaanse boksgeesdriftiges nie - hoog op die lys van moontlike teenstanders is.

Londas het vyftien rondtes staande gebly teen Brian Mitchell, die WBA se junior liggewigkampioen, en naelskraap verloor teen die Suid-Afrikaanse kampioen Dingaan Thobela. - PEN

KRIEKET:

## Namibia verbreek krieketbande met SA

WINDHOEK - Die Suidwes-Afrika Krieketunie (SWKU), die belangrikste krieketliggaam in Namibia, het alle bande met die Suid-Afrikaanse Krieketunie verbreek in 'n poging om tot die Internasionale Krieket-konferensie (IKK) toegelaat te word.

Die voorsitter van SWKU, Louis van den Berg, sê dié unie sal nie langer aan die jaarlikse Suid-Afrikaanse plattelandse distrikte-week deelneem nie.

Van den Berg het verlede week met amptenare van die IKK gepraat en is vol vertroue dat SWKU tot die wêreldliggaam toegelaat sal word.

Dit sal beteken dat SWKU mag deelneem aan die IKK se wêreldbekerkompetisies asook mag stem met die jaarlikse IKK-vergaderings.

Die SWKU het tot 1 Desember om hul aansoek tot lidmaatskap voor te berei.

Die IKK se uitvoerende komitee vergader volgende jaar in Julie en sal die aansoek dan oorweeg.

Selfs al word SWKU tot dié liggaam toegelaat, sal hulle nie in 1991 aan die wêreldbeker-kompetisies mag deelneem nie.

Die Namibiane sal eers deur die IKK se trofee-kompetisie moet kwalifiseer.

Ter voorbereiding van sy beplande toetrede tot die internasionale arena het die SWKU twee toere vir volgende jaar gereël - na Zimbabwe in Februarie en Malawi later die jaar.

Ali Bacher, die president van die Suid-Afrikaanse Krieketunie, sê dié stap sal nie ingrypend aan Suid-Afrikaanse krieket verander nie, aangesien daar slegs sowat 200 krieketspelers in Namibia is. - AFP

RUGBY:

# Pasta-prins kloof SA middeldeur

**Chris van Vuuren**

NAAS-TELIEFDE is 'n begrip wat heeltemal geïgnoreer word wanneer die manne saamkoek en die gesprek amper onvermydelik in die rigting beweeg van die voormalige Dallas Cowboy, die Heilige Bul, die Pastaprins en nog 'n paar onherhaalbare woorde wat gebruik word om Springbok-rugbykaptein Naas Botha te beskryf.

Sedert hy 'n maand gelede amper stert tussen die bene die land binnegekom het, en 'n perskonferensie gehou het waar botter nie in sy mond kon smelt nie om almal te laat weet Baas Naas is terug, het hy die land weer middeldeur gekloof.

Kies hom sonder voorwaarde, het sommiges gesê. Not te dêm, het ander laat hoor. Hy kan nie maak en breek soos hy wil net nadat hy voet aan wal sit nie.

Hoe dit ook al sy, Hendrik Ignasius Botha het menige rugbyskrywer die afgelope maand kop onderstebo agter sy tikmasjien laat stelling inneem. Hy was ook die oorsaak van bloeddruk wat gestyg het in kroeë en elders waar die manne oor die spel gesels het.

Laat ons nou rasioneel kyk of hy verkies moet word of nie.

Naas self sal seker die eerste wees om te erken dat Italiaanse klubrugby nie die standaard het om jou spel skerp te hou nie.

Hy was nie vanuit die staanspoor op harde Curriebeker-rugby ingestel nie.

Die keurders van Noord-Transvaal is dit verskuldig aan die spelers wat dié seisoen met soveel onderskeiding die Blou Bulle in 'n plettermasjien verander het om Naas nie sommer in die span te laat instap.

Juis hierin lê die Bloues se sukses opgesluit. Anders as byvoorbeeld Transvaal, moet 'n speler sy plek in die span verdien en word hy nie bloot op 'n reputasie gekies nie. Neem kennis Louis Luyt en jou geleende kalwers wat niks kan uitrig nie!

Naas het nou nie juis na 'n koning gelyk in Woensdag se proefwedstryd nie, maar kry môre nog 'n kans in Port Elizabeth.

Uit 'n Springbok-oogpunt is hy noodsaaklik vir die span. Ook moet Johan Heunis heelagter in die Bokspan speel. Daar is nie naastenby 'n heelagter met sy vermoëns nie en hy is 'n móét in die laaste vesting.

Die Ligblou-keurders verdien volpunte vir hul hantering van die kwessie. Hulle het vanjaar op 'n patroon besluit wat ongekende vrugte afwerp en een speler se terugkeer moet hulle nie van dié wenresep laat afwyk nie.

Wie weet, dalk gebeur dit dat Naas vir die Bokke speel maar 'n toeskouer vir die Noorde bly!




Naas Botha

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 21 Julie 1989

**Die Cannes-filmfees is dié internasionale vlooimark vir filmmakers, 'n hemel vir paparazzi en "die groot kans" vir borstige sterretjies. KATHY BERMAN het die fout gemaak om dit by te woon**

## Kringe begin



Natania van Heerden en Paul Lückhoff (regs) in Truk-Toneel se verhoogverwerking van Dalene Matthee se gewilde roman Kringe in 'n Bos. Peet van Rensburg, wat die verwerking gedoen het, sal ook die spelleiding waarneem. Die toneelstuk is reeds deur SUKOVS en SWARUK aangebied. Die ander spelers is Louis van Niekerk, Jannie Gildenhuys, Cedwyn Joel, Hannes Muller, Peter Holden en Ronel Kriel. Van vanaand tot 12 Augustus in die Staatsteater in Pretoria en van 16 Augustus tot 2 September by die Windybrow in Johannesburg

# Patriotisme vier hoogty by Cannes

GOEIE nuus. Hoewel Jim Jarmusch nie wil toelaat dat sy eksentrieke, woedende jong Amerikaner-prente in Suid-Afrika versprei word nie, het sy bekroonde landgenoot Steven Soderbergh (26) skaars 'n keuse gehad. Sy Cannes-wenner, Sex, Lies and Videotape, is deur 'n plaaslike video-ondernemer gekoop, bloot op grond van die titel.

Die ondernemer moet nog die prent sien. (Nie dat dit snaaks is in Cannes nie. Niemand kyk in elk geval na die prente nie, hulle woon net die partytjies by. Of hulle nou genooi word of nie.)

By Cannes was dit vanjaar die jaar van die Amerikaners. Met die hele plaaslike bevolking in 'n totale toestand oor die komende vereniging van Europa, het die Amerikaners hulle ou imperialistiese laai uitgehaal en byna skoonskip gemaak met onafhanklike, aggressiewe projekte.

Die Amerikaanse hoop was gevestig op die jong "old boy" Jim Jarmusch in die hoofrol van Mystery Train, wat afspeel in Elvis se tuiste Memphis Tenessee. Kort op sy hakke was Spike Lee in Do the Right Thing (wat ook op sy talle ondersteuners se lapelwapens gestaan het.)

Niemand se geld was op die jong Steve Sonderbergh se kanse om weg te loop met die gesogte Palme D'Or nie - die minste van almal die erg patriotiese Amerikaners. Maar teen die tweedelaaste dag was die hoop dat 'n ander, minder opsigtelike land die prys vanjaar sou wen iets van die verlede. Dit was tot met die derde amptelike Italiaanse inskrywing.

As jy dink die Amerikaners is patriotte, moes jy die Italianers gesien het. Dis moeilik om jou voor te stel hoe vreeslik hulle beduie en gebabbel het toe die eerste twee epiese Italiaanse inskrywings op die doek kom - en hulle is in Engels! Madre Mea!

Maar redding was tog daar met Hotel Paradiso, 'n wonderlike, liriese, nostalgiese, emosionele (maar nie soetsappige) film van Guiseppe Travatore. Dié prent was my persoonlike gunsteling.

Hierdie onopvallende prent het 'n staande toejuiging van 20 minute gekry van die moeë kritici op die laaste dag van die fees. Maar, snaaks genoeg, op die ou einde het dit net een Kritikustoekenning gekry.

Maar dit is die ernstige deel van Cannes: 'n aanhoudende gestry en gedobbel oor watter land hierdie jaar die toneel sal oorheers, wie vanjaar erkenning moet kry ens. Geen wonder nie dat die Guardian se gerespekteerde filmresensent, Derek Malcolm, deur elke Engelstalige TV-netwerk gejag is om sy wyse en geleerde opinie oor briljant en minder briljant te lug nie. (Daar is gerugte dat hy vroeër 'n jokkie was. Selfs dat hy by die Guardian aangesluit het as perdeskrywer.)

Maar Cannes is eintlik 'n groot mark. Van die hoëprofiel grootgeld-speelprente, tot die stout video's en die porno specials. Enige ingewyde sal die geheime van Cannes aan 'n nuweling verklap - en dit verander nooit veel nie.

Eerstens is daar die prente "in die kompetisie" van die amptelike seleksie. Hulle word vertoon aan die sowat 2000 joernaliste voor hul wêreldpremières (met fanfare teen sonsondergang en strikdasse).

Dan is daar die forums waar nuwe en vernuwende werk vertoon word. Hulle kwalifiseer vir Kritikustoekennings, Eerste Prent-toekennings ensomeer. Die profiel is laer, maar hulle word ook vertoon in die indrukwekkende sale van die reuasagtige Palais-gebou.

En die res? Hulle word, heel gepas, vertoon in die ingewande van die Palais, en in verskeie hotels. Van pornografie tot Eerste en Derdewêreldfilms, is hulle die regte geldmakers. Dis hier waar die geld regtig hande wissel. En die ware rede hoekom almal elke jaar na hierdie onheilige mekka toe kom.

Ja, dis waaroor dit gaan - nie om saam met Brooke Shields by die peperduur Cap Ferrat Hotel afgeneem te word nie.

Moet net nooit erken dat dit jou eerste keer hier is nie. Leun eerder met jou Perrier-water teen R5 'n sluk teen 'n kroegtoonbank en verklaar lewensmoeg: "Vanjaar is baie verveliger as as die vorige" en "Wat het geword van die pret op die Croisette in... was dit 1985?"

Niemand sal weet nie, want die meeste ander mense is ook vir die eerste keer hier.

Maar as 'n mens al die wyse uitsprake opweeg, klink dit tog of vanjaar regtig nogal mak was. Geen pret op die Croisette nie, net een vliegtuig vol baniere vir Christopher Columbus - dié prent van vanjaar.

En die sterre was nogal dof. Rob Lowe het betyds gearriveer om deur sy bewonderaars oorrompel te word. Hy moes vlug voordat die bewonderaars hom met ou brode gooi.

En die aaklige Nick Nolte het glo dronk by hotelvensters uitgehang en die pers vermaak met stories oor hoe hy "die essensie" van sy karakter as die kunstenaar in Woode Allen se New York Stories gevind het. Dit het te doen gehad met sy held, 'n sestiger-kunstenaar wie se besondere verleidingstegnieke breedvoerig langs die kus van Kalifornië bespreek is.

Rosanna Arquette, sy medester, het die pers verseker dat sulke Stanislawiese tegnieke nooit in haar teenwoordigheid probeer is nie.

## Sukses in Moskou



**Paul Janssen, Anant Singh en Darrell Roodt - die mense agter die anti-oorlogprent The Stick - in Moskou. Regisseur Roodt het uit Moskou laat weet hy is baie tevrede met die ontvangs van sy prent daar. 'n Vierde, ekstra vertoning is gereël by die Moskouse filmfees.**

**Vervaardiger Singh het gesê 'n gehoor van 6000 mense was "baie ontvanklik vir die prent, en dit was besonder opwindend om te sien dat so 'n groot gehoor beïndruk word deur 'n Suid-Afrikaanse prent".**

**Janssen, wat die prent versprei, is besig om oor die verspreiding in Rusland van The Stick, sowel as vir 'n ander Suid-Afrikaanse prent, Helena Nogueira se Quest for Love, te onderhandel.**

**Die prent is in Suid-Afrika verbied, maar is genomineer as "Beste Prent" in die AA Vita-Lewens-kompetisie.**

***foto: John Liebenberg; Afrapix***

Dead Ringers: Mans, hulle ma's en vrouens - 3

Is Opperman nog Kersfees in die land? - 3

Laaste woord oor Grahamstad - 3

Vet vye met whisky - 4


Alles is nie pluis met Venda-kuns nie - 5

BE ONE OF THE DISCERNING 3500 TO ENJOY AN INTIMATE EVENING WITH THE MASTER OF ROCK

ERIC CLAPTON

THE WORLD'S BEST GUITARIST INDOORS IN CONCERT

BOIPUSO HALL
28 JULY 1989
8.00PM
GABORONE
BOTSWANA



INDIVIDUALLY ALLOCATED SEATS SUPERIOR VIEWS

TICKETS — R125 — AVAILABLE FROM TRAVELGOLD
TELEPHONE: 804-1537
804-2437

# Deon en Paul skitter by Fees

**Albertus Venter**

DAAR was 'n tyd toe Rrandteater sinoniem was met innovasie, vernuwing, opwinding. Maar oor die gehalte van die Rand vanjaar op die Standard Bank se Nasionale Kunstefees, slaan 'n mens jou hande saam. Ondanks die feit dat gehaltebeheer waarskynlik as sensuur gesien sal word, sal iets gedoen moet word om 'n herhaling van vanjaar se "tatty fringe" - soos een omgekrapte feesganger dit gestel het - te voorkom.

Genadiglik was die hoofstroom, met die uitsondering van 'n Brommer in die Boord - wat 'n lekker ou vet vlieg in die salf was - op peil. Twee produksies veral - Deon Opperman se Stille Nag en Paul Slabolepszy se Smallholding - is teater waarop nie net besture wat ekonomies noustrop trek nie, maar ook ontgogelde gehore al lank wag. Gehore is keelvol vir prekerige protesteater aan die een kant en klugagtige gemors wat vermaak genoem word aan die ander. Sowel Stille Nag as Smallholding is teater wat vir 'n gesofistikeerde post-televisie gehoor geskryf is.

Hier is dramas wat kan kompeteer met Dallas en Dynasty en loshande wen. Smallholding is trouens 'n uitstekende voorbeeld vir P.G. du Plessis en die SAUK van hoe Die Ma-Plotters kon gelyk het. Die materiaal, karaktertipes en landskap is ontleen aan 'n bepaalde persepsie van die lewe op kleinhoewe terwyl die tema en die delikaatheid waarmee dit hanteer is, herinner aan Tennessee Williams se A Glass Menagerie.

'n Dranksugtige Ma-plotter wat waarskynlik sy geld deurgebring en uitgedrink het, sit met sy twee kinders - 'n aardse meisie vol geheimenisse en 'n kru, rassistiese jongman wie se verydelde drome tot bitterheid gelei het. Op die agtergrond huiwer 'n stom swartman wat pa en seun tevergeefs verjaag.

'n Vreemdeling - wat ook as verteller doebleer - versteur die status quo. Hy is die katalisator wat die spanningsbane tussen die verskillende karakters laat ontplof.

Smallholding is Slabolepszy op sy vindingrykste. Die manier waarop die verhaal die verteller s'n is, sodat die verteller selfs die gebeurde en slot kan manipuleer, spreek van versigtige vormgewing en verbysterende teatervernuf.

Sy hantering van liefde oor die kleurgrens heen is ongedwonge en gedoen met 'n deernis wat die gehoor in trane gehad het. Saturday Night at the Palace het 'n waardige opvolger gekry.

Deon Opperman, ons eie John Osborne, het as dramaturg mondig geword - 'n status waarmee slegs enkele ander in die Suid-Afrikaanse dramawêreld kan spog. Waar Athol Fugard met My Children! My Africa! die hoofkonflik in die swart gemeenskap blootlê, ontbloot Opperman die sentrale konflik onder die Afrikanervolk - 'n konflik, wat soos met die Anglo-Boere-Oorlog, die 1914-Rebellie en die Republiekwording broer teen broer in opstand bring en dreig om die Afrikaner finaal aan twee te skeur.

Twee broers, 'n lid van die AWB en 'n liberale humanis, kruis op Kersdag swaarde en vernietig die gesin. Hier sien jy 'n helder en skokkende dramatisering van die Bybelse maning dat 'n huis wat teen homself verdeel is nie staande kan bly nie.

Dit sê vir Opperman heelwat dat hy nie kant kies vir spesifieke karakters nie. Hulle kry almal as mense, eerder bloot as ingeklede tipes, gestalte. Dit is betekenisvol dat die ma in die laaste toneel - met haar onskuldige "Kerskind" dood op haar skoot - albei broers van die dood beskuldig.

Sowel Opperman as Slabolepszy se dramas is deurspek van humor, "one-liners", kwinkslae en spitsvondighede wat in die volksmond lê. Dit verhoog die tragedie van die ernstige dele en gee aan albei dramas 'n warmte waarmee die man op straat kan identifiseer. Kuns en vermaak is in hierdie betekenisvolle dramas nie te onderskei nie. Ontleed jy die een, torring jy aan die ander.



'n SPLINTERNUWE kombinasie van twee blink talente tree van Maandag 24 Julie tot 6 Augustus op by After Dark in Pretoria. The Drivel and the Song bestaan uit 'n aand van ou gunstelingliedjies wat deur Elzabe Zietsman en Casper de Vries uitgeruil sal word.

Die kabaret sluit nuwe werke in asook verwerkings van Elzabe en Casper se vorige vertonings. Bespreek by (012) 925-6613. Toegangsgeld is R10 en ete is verpligtend.

# Kersfees is maar 'n moeilike tyd vir almal

DEON OPPERMAN het blykbaar 'n stuk uit Stille Nag gesny na die eerste opvoerings in Grahamstad. En as die geknipte weergawe die een is wat aan die res van Suid-Afrika (dié wat nie op Grahamstad was nie) blootgestel gaan word, is dit 'n ekstra pluimpie vir die dramaturg.


Want die geforseerde Freudiaanse terugflits waarin die verstandelike gestremde Daantjie (Bruce Fields) 'n Strydom-agtige moordorgie wat hy as kind aanskou het, herhaal, het die potensiaal om die ganse stuk te bederf. Dit was amper asof Opperman met 'n desperate tipe Deus ex Machina, 'n hoogs deursigtige dramatiese einde op 'n briljante, selfstandige stuk wou afdwing. Byna asof hy self nie tevrede was met die stuk nie.

Eienaardig. Want Deon is nie bekend vir sy tekort aan selfvertroue nie. Sy aankondiging op Grahamstad dat resensente nie sy Rand-produksies mag bywoon nie, het gerugte laat ontstaan dat hy "nie meer publisiteit nodig het nie." Opperman se rede was dat die pers (daar was 180 "resensente" op die dorpie) sy sale gaan volsit. Waarop die joernaliste weer gevra het hoe die honderde ander minder bekende Rand-produksies dan moet oorleef. En so aan...

Arrogant of onseker of nie, Opperman is een van ons voorste jong dramaturge. En Stille Nag, hoeveel dit ookal vooraf na 'n ooglopende interaksie van stereotipes mag lyk, was ongetwyfeld die hoogtepunt van die hoofstroomfees.

Die stuk werk juis omdat die gesinsdinamiek, en nie politiek (of dié se stereotipes nie), die basis van die stuk vorm.

Opperman delf subtiel dieper as net die gewone simptomatiese interaksie en magspel tussen lede van die tipiese Afrikaner-gesin. Die psigosiologiese onderstrome kom sterk genoeg na vore om die ooglopende kwessies (soos onder meer seksisme en fascisme), hoe sterk ook al, te oorskadu. Soveel so dat die AWB-broer Adriaan (Nico Liebenberg) se politieke motiewe deur sy persoonlike frustrasie - in die geval sy vader se erkenning - gedryf word. 'n Vars en verwaarloosde hoek om uit te



Deon Opperman

skryf.

Om die vertraagde Daantjie - wat eindelik nader as al die ander aan die geheime van die heelal is - as katalisator te gebruik, werk ook uitstekend.

En die spesifieke tyd waarin dit afspeel is goed gekies. Kerfees is maar 'n moeilike tyd vir almal. Dis wanneer families se oordrewe entoesisme om "vrede" op mekaar af te forseer maklik slapende interpersoonlike duiwels ontketen.

'n Ander gerug was dat Opperman nou oorsee wil gaan. Dat hy voel hy het "eksterne stimulasie" nodig om Stille Nag te oortref. Ons dink hy moet bly. Ten minste tot Kersfees.

**CHRIS DU PLESSIS**

**DEAD RINGERS**
**Met Jeremy Irons, Genevieve Bujold en Heldi von Palleske**

**ANDREA VINASSA**

# Mans ma's en vrouens

DAVID CRONENBERG is een van die groot melankoliese rolprentregisseurs van ons tyd: Dead Ringers is nie 'n alledaagse riller nie, maar 'n tragedie wat die toestand van die mens diepsinnig vasvang - soos die Griekse tragedies van ouds. Soos die Oedipus-verhaal werp Cronenberg die lig op die psigo-seksuele verhouding tussen mans en hul ma's en/of vroue in die algemeen. En die meesleurende moderne nadraai daarvan is die vernietigingsdrang van die tweelingbroers wat hulle nie van mekaar skei nie en hul skuiling soek in die aktrise se baarmoeder.


Dit is 'n ontstellende, roerende en heel meesterlike prent uit enige oogpunt: tegnies, artistiek en filosofies. Cronenberg, wat bekend is vir sy groteske wetenskapsfiksieriilers, vorder van konvensionele wetenskapsfiksie tot by superrealisme om die ondergang van Beverly en Elliot Mantle, 'n tweeling briljante ginekoloë uit te beeld.

'n Kinderlose aktrise kom soek hulp by die twee se onvrugbaarheidskliniek (wat netjies inhaak by die konvensionele manlike fantasie). Hulle ontdek dat sy 'n "drieledige baarmoeder" het - 'n fiktiewe konsep uit Cronenberg se vrugbare verbeelding. Sy word 'n moederlike fantasiefiguur en die katalisator vir hul selfvernietiging.

Die Mantle-tweeling beleef Claire Niveau (Genevieve Bujold) se liggaamlike afwyking met 'n mengsel van verwondering en vrees. 'n Dralende psigose word ontbloot soos die verhouding, wat as 'n avontuur vir die tweeling begin, al ingewikkelder word en Claire uitvind dat sy met altwee deurmekaar is.

Elliot, 'n pragmatiese en ongevoelige ekstrovert en Beverly, 'n boekerige en kwesbare introvert, het altyd hul vrouens gedeel sodat hulle hul ervarings kon sinchroniseer, maar die verhouding met Claire wys dat hulle afhanklikheid narsissisties en op die ou einde 'n vernietigende obsessie is.

Hoewel Cronenberg speel met die tradisionele (en vervreemdende) elemente van die psigo-riller, doen hy dit op 'n betowerende, poëtiese manier. Sy visie van seksuele politiek is nie eintlik pessimisties nie, dis realisties in die tweeling se pogings om hulle te wreek op die vrouedom terwyl die vrouedom (in die vorm van 'n onvrugbare aktrise) hulpeloos toekyk. Politieke oplossings is altyd onderdanig aan die menslike psige, wil Cronenberg sê, en veral die manlike psige word hier as uiters kwesbaar voorgestel.



Jeremy Irons is die tweeling ginekoloë in Dead Ringers.

Jeremy Irons se neiging tot melankoliese rolle - The French Lieutenant's Woman, The Mission, Swan in Love en Brideshead Revisited - maak hom die perfekte keuse vir die rol van die Mantle-tweeling. Sy uitbeelding van hulle brose manlikheid is 'n kragtoer.


**TRUK-TONEEL**

**THE BLACKS**
deur Jean Genet
regie: DIETER REIBLE
Adcock-Ingram, Windybrow:
25 Julie – 12 Augustus

**As You Like It**
deur
William Shakespeare
regie:
FRANCOIS SWART
met Jeremy Crutchley,
Fiona Ramsay
Drama, Staatsteater Pta:
29 Julie – 5 Augustus



After Dark
RESTAURANT
Queenstr. 80
Pretoria Sentraal
Tel: 325-6613

BIED AAN:
THE DRIVEL AND THE SONG
met
Elzabe Zietsman
&
Casper de Vries

Datums:
Voorskou-aand 24Julie

Toegang:
R5 p.p.
(ete verpligtend)

Openingsaand:
25 Julie tot 6 Augustus

Toegang: R10 p.p. (ete verpligtend)
(012) 325-6613
of (012) 26-0724

**'n Uitstalling van Venda-kuns het vandeesweek in die Sanderlinggalery in Johannesburg (winkel 7 in die Smalstraatse deurloopwinkelkompleks) begin. Dit duur tot 19 Augustus. PIETER SWANEPOEL het pas in Venda rondgery en met verskeie kunstenaars daar gepraat**

# Alles is nie pluis met Venda-kuns

DAAR is baie Venda-kunstenaars, al sê die toerismeraad se volkleurblaadjie dat houtkerwers skaars raak en dat die kuns se waarde daarom aan die toeneem is.

So kom ek agter by 'n kuns- en handwerksentrum waar 'n mens die kunswerke kan sien en koop. Ek kom ook al meer onder die indruk dat alles nie pluis is nie. 'n Mens hoef nie eers oor Venda se "onafhanklikheid" te begin wonder nie, want in die kunswêreld is daar genoeg wat jou kan pla.

Terwyl Ditike (die naam van die kunssentrum) beteken "ons onderhou onsself", kom jy iewers agter dat die kunstenaars en ambagslui eintlik die sentrum onderhou. Vir my stink dit na uitbuiting as 50 persent kommissie soos op elke kunswerk belas, aan 'n "onderontwikkelde" kunssentrum gaan. Met hulle onderhandel jy moeilik want as jy met enige burokrasie se neergelegde reëls begin torring, donder die hele ivoortoring dalk op jou ineen.

Ek sien hoe 'n vrou lepels een-een uit stapels tel net om hulle in 'n stoorkamer te pak, ek sien hoe 'n man in die koelte sit en pryse meganies op kleipotte en ander handgemaakte gebruiksartikels plak, ek sien hoe 'n afleweringstrok opdaag en honderde tradisionele Venda-potte vir belangstellende toeriste afpak. Ek sien ook hoedat toeriste opdaag, in die kunshandwerksentrum ronddwaal met arms vol kleipotte, grasmatte, houtskottels en ander memorabilië daar uitloop. Ek self koop 'n paar armbande, maar ek sien nie een mens wat 'n sogenaamde houtbeeld koop nie. En ek wonder: is dié kunswerke se pryse nie dalk te hoog nie?

## Pryse


"Venda-kuns is in 'n oorgangsfase," sê Dave Rossouw, 'n kêrel wat sedert 1986 intens met Venda-kunstenaars saamwerk. "Ek probeer leiding te gee met die pryse wat die kunstenaars op hulle werke kan plaas," verduidelik hy. "Een ding is seker: kuns word nie waardeer vir wat dit is nie. Dit het tyd geword dat mense moet betaal vir wat die werke werklik werd is."

Maar wat is dit werd? Selfs die Venda-kunstenaar vind dié ekonomiese knoop 'n bitter een om deur te haak. Hout, die mees algemene materiaal van die Venda-kunstenaar, is redelik maklik bekombaar. Die kunstenaar moet slegs 'n permit kry om inheemse hout in die veld te kan gaan uitsoek. Verder kos dit hom nie 'n sent nie.

"Ek het aan die kunstenaars probeer verduidelik dat hulle vir hul tyd en moeite betaal moet word. Hoe lank neem dit by voorbeeld om 'n geskikte stuk hout op te spoor en ook, hoe lank duur dit voordat die kunswerk uiteindelik voltooi is. Dan is daar natuurlik nog die kunstenaar se eie waarde - in die meeste gevalle geestelik - wat hy aan die kunswerk heg," sê Dave.

Finansiële oortuigings of die verblindende winterson is dank die gode nie al wat Venda-kuns aan die brand hou nie. Hoe meer kunstenaars jy ontmoet, hoe meer besef jy dat hulle 'n onblusbare skeppingsdrang het. En hoewel Venda-kuns maar eers oor die sowat vyf afgeklopte jare onder die aandag van kunskenners gekom het, is kuns vir die Venda so oud as sy beskawing self.

Vandag nog is kuns of die kunstenaar nie iets of iemand wat agterdogtig deur die res van die gmeenskap aangestaar word nie. Kunstenaars word as normaal aanvaar en in die gemeenskap opgeneem as persone met sekere talente wat 'n bydrae tot die gemeenskap kan lewer.



Noria Mabasa se Mpho en Mphonyana. Sy het al baie sulke beelde gemaak, omdat hulle so goed verkoop

Tradisioneel het die Venda-kunstenaar gebruiksvoorwerpe soos lepels, bakke, borde, musiekinstrumente ensomeer uit hout gekerf. In 'n westerse sin maak dit van hom eerder vakman as kunstenaar. Tog was inisiasie-figure ook tradisioneel uit hout gekerf. Laasgenoemde was religieuse gebruiksvoorwerpe wat aan tradisionele rituele gekoppel is en in die opvoeding van die jeug gebruik is, anders as die alledaagse voorwerpe soos lepels.

En die hedendaagse Venda-kunstenaar maak - nes sy voorgangers van geslagte gelede - nie maklik die onderskeid tussen kunshandwerk en sogenaamde suiwer kuns nie.

Die meeste kunstenaars begin as vakmanne. Formele kunsopleiding is nie algemeen nie en kunstenaars leer meestal by mekaar. Grafiese kuns en skilderkuns word slegs deur enkelinge verteenwoordig, terwyl drie-dimensionele vormgewing - in klei en hout - die algemeenste voorkom.

## "Ontdek"

Erkenning vir Noria Mabasa - vandag een van die meer bekende Venda-kunstenaars het eers in die sewentigerjare gekom, al werk sy reeds sedert haar dertiende jaar as kunstenaar. In daardie jare het sy in Alexandra kom woon waar sy muurversierings gedoen het. Later het sy na klei-beeldhouwerk oorgeslaan, die medium waarin sy "ontdek" is.

Omdat haar kleibeelde slegs in strooivure gebak word, is dit nog baie breekbaar en het sy besluit om ook in hout te werk.

Die meeste kleibeelde - sy werk nog steeds graag in klei - sluit aan by die tradisionele inisiasie-beeld eomdat hulle ook as opvoeidngsmiddel gebruik word.

Ons staan voor 'n groep verpleegsters, 'n dokter en 'n aantal ander figure. Noria wys na 'n man met knoppe op sy gesig. Hy steek sy hand uit na 'n opgeterte vrou, kompleet met grimering en skitterende polshorlosie. Dié katjie hou haar hand op om néé aan die man te beduie.

"Hy het Aids," sê Noria. "Dis hoekom die dame hom verwerp.

"Dan wys Noria 'n aantal ander kleibeeldjies van 'n Siamese tweeling wat by hul koppe aanmekaar geheg is.

"Die beelde van Mpho en Mphonyana is baie gewild, hulle verkoop goed," sê sy. Dit is nie vir haar of enige ander Venda-kunstenaar snaaks dat sy een beeld 'n magdom kere sal reproduseer omdat dit goed verkoop nie.

Tesame met hierdie kommersiële aanslag, is Noria baie bekend vir haar geestelike benadering tot die kuns. Sy is een van die kunstenaars wat haar inspirasie uit "drome" put; sy is as't ware 'n visionêr - veral wanneer sy in hout werk. Dan sien sy beelde in die hout nog voordat sy met 'n beitel naby die hout gekom het.

## Vuur

Ook die bekende Nelson Makhuba was geestelik aangevuur om wat hy gesien het aan die res van sy gemeenskap uit te wys. Sy laaste daad was egter een van vernietiging. Hy het sy vrou, twee kinders en homself - saam met die meeste van sy houtbeelde - verbrand.

Die bouvalle van sy huis en 'n werksplek vol onvoltooide beelde en gereedskap staan vandag nog as 'n heiligdom: dit dien as bewys van 'n gemeenskap wat die kusntenaar respekteer, hoe hy ookal optree.

Makhuba is bekend vir sy makabere beelde en ewe grusame dood. Hierin staan hy nie alleen nie. Albert Munyai, wat beweer dat hy sy inspirasie ook uit visioene put, skeps selfs grillerige beelde. By geleentheid het hy die sosiale konteks van een sy beelde aan 'n jong vrou verduidelik.

Die beeld onder bespreking was glo van 'n oorgrote houtfallus waaroor 'n ou, stukkende kondoom getrek is. Toe die westerse meisie die kunstenaar om 'n verduideliking vra, het hy met 'n glimlag uitgelê: "Julle vertel ons heeldag dat ons moet oppas vir aids, maar nou maak julle nie die kondome groot genoeg nie."

En net om die kontras mee te voltooi is Albert nog 'n kunstenaar wat nie skaam is daarvoor om tradisionele gebruiksvoorwerpe soos houtlepels en -bakke te maak nie. Een feit word duidelik: die kontraste van Venda word telkens in die kunstenaar versoen.

Die Westerling moet weet dat die Venda-kunstenaar niks voel vir ons heilige koeie nie. Selfs die gedagte van die eksklusiewe kunstenaar verval, want Venda kunstenaars werk graag aan mekaar se kunswerke.

'n Onuitputbare wye verskeidenheid onderwerpe en tegnieke word deur die kunstenaars aangepak en dit sou 'n groteske flater wees om die kunstenaars van Venda steeds as kollektief-homogeen te klassifiseer. Hoewel 'n sogenaamde "Venda-styl" - gekoppel aan 'n tradisionele agtergrond met eie mites - miskien in heelwat werke gesien kan word, is die kunstenaars individue wat elkeen binne 'n eie, persoonlike styl werk. Wat meer is, styl bly vir die kunstenaar 'n relatiewe begrip, want die meeste van hulle dink niks daarvan om in meer as een styl te werk nie.

Noria Mabasa se kleibeelde en houtbeelde verskil in vorm en inhoud radikaal van mekaar. Ook Hendrik Nekofhe se werk spreek van kontras: soms werk hy figuratief, ander kere totaal abstrak.

Op die ou einde is die grootste versoening wat deur Venda-kunstenaars beproef word, die oorgangsfase waarvan Dave Rossouw praat. Die gebruik van kommersiële emaljeverf kom al meer algemeen voor en



**Hendrik Nekofhe beitel sy naam onder die voetstuk van een van sy beelde uit**

beeldhouers soos Meshak Raphalani maak van petrolaangedrewe kraggereedskap gebruik om harde hout makliker te kan verwerk. 'n Aanvraag na veral groter werke van Raphalani is een van die dryfvere agter dié verandering.

Daar is sekerlik baie redes vir die Afrika-kunstenaar se oorgang na Westerse waardes en dit wil lyk asof finansies besig is om homsélf te vergeld. Soos Dave gesê het, dit het tyd geword...

Tog lyk alles nog nie vir my pluis nie. Vandag, 'n bietjie meer as twee jaar na die dood van die Venda-kunstenaar wat algemeen as 'n leiersfiguur in die blootstelling van Vendakuns aan die westerse gemeenskap beskou word, wil mense 'n beeldhouwerk van Nelson Makhuba teen 'n minimum van R18 000 aankoop. Wie kry daardie geld? En het die kunstenaar ooit in sy leeftyd soveel geld gemaak uit al die verkope van al sy kunswerke?

Ons verkoop die allerbeste inheemse handwerk en kuns

ZONA

Ons rare artikels is 'n fees vir die oog én die sak

Grantlaan 64,
Norwood.
Tel: (011) 728-4154

dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm
Sat: 5.30nm & 9.15nm
MY CHILDREN! MY AFRICA!
Regie deur Athol Fugard
Met John Kani, Kathy Jo Ross en Rapulana Seiphemo.

UPSTAIRS-TEATER
IN A DIFFERENT LIGHT
deur Reza de Wet
Maan - Vry: 8.15nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
Maan - Vry: 8.15nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm
TOOTH AND NAIL
Regie deur Malcolm Purkey

WAREHOUSE BY DIE MARK
INYANGA WOMEN OF AFRICA
Dins tot Vry: 8nm
Sat: 6nm tot 9nm Son 6nm

KIPPIES BY DIE MARK
Dins - Don: 8.30 (Ingangsfooi R6)
Vry - Son: 8.30nm (Ingangsfooi R8)
GENUINES

MARKGALERYE
Groot Galery
Peter Magubane
Kinderarbeid in Soweto
Klein Galery
Alf Khumalo
Foto's van vroue

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Onthou die snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm op die Mary Fitzgerald-plein

## FILMS


*Van bladsy 7*

en Kitty Aldridge.

*SING - Nog 'n Amerikaanse tienerfliek oor 'n arm buurt se laaste poging om hulle kinders se skool te red. Almal berei hulle voor vir die een groot aand waar hulle op die verhoog kan klim om te SING sodat die nare skooltoemakers kan sien wat hulle regtig werd is...

*POLICE ACADEMY 6 - Dieselfde klomp is terug in 'n fliek waar mense in die water val, pistole vlaggies met BANG op uitskiet en die verkeerde boef gevang word. (Wonder by watter nommer Rocky al trek).

*KINJITE (Forbidden Subjects) - Charles Bronson is nog nie dood nie. In Kinjite veg hy weer man-alleen teen booswigte wat dié keer mense se lewens met dwelms verwoes.



**Nick Nolte speel 'n hoofrol in Three Fugitives**

### ONAFHANKLIKE BIOSKOPE

### KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68

Vanaand 6.00 Twins. 8.00 Dangerous Liaisons. 10.15 The Tin Drum.
Saterdag 6.00 Manon of the Spring. 8.00 From Mao to Mozart. 10.00 Dangerous Liaisons

### JOHANNESBURG

4AD FILM SOCIETY - Corlett City
Sondagaand: Breathless met Jean-Paul Belmondo en Jean Seberg is Goddard se verwerking oor 'n maltrap boef en sy meisie. Glo beter as die een met Richard Gere in

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. Vanaand en Saterdagaand wys die ongelooflike Withnail and I en volgende week is dit Montenegro

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

## DIE WEEK SE TV

### Hoogtepunte

# @*%! julle, dink die klein prinsie toe

THE LITTLE PRINCE is 'n klein prinsie wat op 'n klein planeetjie, Asteroid B-612 woon. Hy besit 'n pragtige blom, ontmoet 'n koning, 'n besigheidsman, 'n historikus en generaal met vreeslike persoonlike probleme. Hulle is te besig om na die klein prinsie te luister en toe dink hy @*&% julle! en hy gaan aarde toe om die geheim oor wat regtig in die lewe tel by Gene Wilder (in die rol van 'n jakkals) te gaan leer. Met Richard Kiley, Bob Fosse en Joss Ackland. The Little Prince wys vanaand op TV4.

Die absolute TV-hoogtepunt van die week is CRIMES OF THE HEART wat Sondagaand op M-Net wys. Met die wonderlike Jessica Lange, Sissy Spacek en Diane Keaton as drie susters met nie net een nie, maar honderde komplekse en dinge.

En dan vir die cowboys van die 80's... BLAZING SADDLES met Gene Wilder en Cleavon Little wys Saterdagaand op M-Net en is oor 'n alkoholis bakleier en 'n spoorwegwerker wat 'n slegte prokureur indoen. Ook met Mel Brooks en Dom deLuise.

Clint is terug as Dirty Harry, die keer in SUDDEN IMPACT en weer saam met sy (ex?) meisie Sondra Locke. Die omstrede polisieman is op die spoor van 'n gedugte moordenaar in 'n klein Californiese dorpie. Sudden Impact wys vanaand op M-Net.

THE ABOMINABLE DR PHIBES is 'n grillerige fliek oor 'n man wat op 'n bizare manier die sjirurgiese afdeling van 'n hospitaal wil terugkry nadat sy vrou onder hulle messe dood is. Hy leen 'n bladsy uit die Bybel wat 'n ou Egiptiese vloek verduidelik en die pret begin. Met Vincent Price en Virginia North. Dr Phibes wys Dinsdagaand op TV4.

Op TV1 vanaand is daar 'n dokumentêr JAMIE 21, wat uit 25 insetsels van verskillende flieks deur Jamie Uys bestaan. Sy bydraes tot die plaaslike rolprentbedryf het 21 jaar gelede begin en hy het in 1970 'n erepenning vir die rolprentkuns ontvang.

BLOODLINE is TV1 se Saterdagaandfliek en is die rolprentweergawe van Sidney Sheldon se riller. 'n Pragtige vrou erf 'n farmaseutiese besigheid van haar vermoorde pa en skielik bevind sy haarself in 'n wêreld vol hebsug, intrige en moord, met haar eie lewe op die spel. Met Audrey Hepburn en Ben Gazzara.

### VRYDAG 21

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
2.00 Topsport: Britse Golf Ope-toernooi
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
5.00 Adventures of the Gummi Bears
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 MacGyver
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Topsport: Britse Ope Golf-toernooi
9.30 Simon en Simon
10.20 Laataandsessie
10.55 Jamie 21 - kyk onder hoogtepunte
1.25 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 The Little Prince - kyk onder hoogtepunte
10.41 MASH
11.06 Casino Series II

**M-NET**
6.30 Fietsry
10.30 Family Business
12.05 60 Minutes
12.20 Newsnight
3.30 I Want to Live
5.00 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.25 Charlie Brown
5.50 Little Wizards
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Amen
7.15 Perfect Strangers
7.45 Motorsport
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 Sudden Impact - kyk onder hoogtepunte
10.25 Fietsry
10.50 Under Suspicion
12.15 Hot Hits

### SATERDAG 22

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000
12.40 Plaaslike joernaalprogram
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo en Vriende
1.10 Skateiland
1.35 Spoelgoud
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Debuut
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.30 Topsport: Britse Ope Golf-toernooi
9.00 LA Law III
9.55 Bloodline - kyk onder hoogtepunte
11.50 Late Night Live
12.10 Flying High
1.00 Epilogue

**TV4**
6.03 Redd Foxx
6.30 Mr Belvedere
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.55 That's Hollywood
10.21 The Tracy Ullman Show
10.46 T J Hooker

**M-NET**
6.30 Fietsry
1.30 Missing in Action II
3.00 Heroes made in the USA
3.10 West 57th
3.20 Panorama
4.00 Horseracing
4.30 Killers at the Box Office
5.30 Beyond 2000
Oop Tyd
6.15 Hot Hits
7.00 Anything but Love
7.30 Have faith
Intekenare
8.00 Fame Fortune and Romance
8.30 Blazing Saddles - kyk onder hoogtepunte
10.00 Fietsry
10.30 Alien

### Sondag 23

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Riding High
2.30 Aptekerswese - 'n Dokumentêr geskryf en aangebied deur Deon Opperman
3.00 Britse Golf Ope-toernooi
6.10 50/50
6.50 Built for Life
7.05 Life Style
7.30 Thy Kingdom Come
8.00 Netwerk
9.00 Britse Ope Gholf-toernooi
9.30 Antonio Stradevari
11.30 Perspektief
11.55 Gholf

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 Highway to Heaven
9.57 227
10.24 Sing Country
10.59 Topsport

**M-NET**
6.30 Fietsry
7.30 Indiese diens begin
7.31 Thangaikkor Geetham
9.00 Kimi Katkar
9.50 Ramayan
10.30 Portugese diens begin
10.32 Sunday Meditation
10.36 O Romance da Raposa
10.50 Duarte E Ca
11.55 Fim de Semana
12.00 Programa Musical
12.25 Rodo Do Fogo
Intekenare
1.30 Golf
2.30 Boks
3.30 Spesiale musiekaanbieding
5.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.50 Heathcliff
Oop Tyd
6.15 Trapper John
7.05 Carte Blanche
Intekenare
8.00 World of Festivals: Austria
8.30 Crimes of the Heart - kyk onder hoogtepunte
10.10 Active Birth
10.20 Fietsry
11.30 The Rocky Horror Picture Show

### MAANDAG 24

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.30 Webster



**Diane Keaton, soos sy NIE lyk in Crimes of the Heart nie.**

4.55 Kinderkyktyd:
Quaq Quoa
AEIOU
Pumpkin Patch
5.25 Lion Series Bible Stories
5.35 Lassie
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 The A-Team
8.00 Netwerk
9.00 Elmien Adler
10.00 Topsport
11.00 St Eligius
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.24 A Man Called Hawk
11.12 James Brown

**M-NET**
6.30 Fietsry
10.30 Honky Tonk Freeway
12.15 Videofashion Monthly
3.00 Telygames
3.30 Blazing Saddles
5.00 West 57th
5.12 Newsnight
5.25 The Incredible Hulk
5.50 The Smurfs
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Anything but Love
7.15 Have Faith
7.45 Tennis
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 Deadly Intentions (deel 1) - Die ware verhaal van 'n vrou wat uitvind dat haar man 'n psigopaat is en haar dood beplan. Met Madolyn Smith en Michael Biehn.
10.30 Missing in Action II

### DINSDAG 25

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Saartjie
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die ander Hollywood
8.00 Network
8.30 Dallas
10.00 Topsport
11.30 Open University
12.25 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 The Abominable Dr Phibes - kyk onder hoogtepunte
10.42 The Hit Squad
11.06 Hondo

**M-NET**
10.30 The Karate Kid
3.00 Telygames
3.30 I Want to Live
5.00 Earthfile
5.06 Newsnight
5.25 Wildfire
5.50 GI Joe
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Falcon Crest
Intekenare
8.00 Hollywood Squares
8.30 Deadly Intentions (finaal)
10.30 Not Quite Jerusalem

### WOENSDAG 26

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
4.55 Kinderkyktyd:
Quaq Quao
AEIOU
ZAP MAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 River Horse Lake
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Orkney Snork Nie
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.00 Raphael
12.00 Oordenking

**TV4**
6.03 Easy Street
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Garibaldi
11.45 9 to 5

**M-NET**
10.30 Alien
3.00 Telygames
3.30 Under Suspicion
5.00 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.25 The Flintstone Kids
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Public People's Private Lives
7.45 Motorsport
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 Viva Knievel - Waagduiwel Evel Knievel speel self die hoofrol in die aksiedrama waarin 'n klomp kroeks sy trok wil gebruik vir dwelmsmokkelary.
10.10 Money Programme
10.30 Crimes of the Heart

### DONDERDAG 27

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Op die Grens - 'n Drama (in 2 dele) oor die Basoetoe-oorlog waartydens vroue en kinders alleen op die plase agtergebly het.
8.00 Network
9.00 War and Remembrance
10.00 Topsport
11.00 Brother Orchid - 'n Ou wat 'n effens wilde lewe gelei het, besluit om 'n 'gentleman' te word en hy gaan Europa toe. Maar dinge werk toe anders uit... Met Edward G Robinson, Ann Sothern en Humphrey Bogart.
12.30 Face to Face

**TV4**
6,03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 21 Jump Street
9.52 Cheers
10.26 Misdaad in Miami
11.32 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 The Rocky Horror Picture Show
12.05 60 Minutes
12.19 Money Programme
3.00 Telygames
3.30 Missing in Action II
5.00 Perdewedrenne
5.25 The Berenstain Bears
5.50 Inspector Gadget
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Nick and Hillary
7.25 The Wonder Years - Die eerste van 'n nuwe komedie reeks oor die wonderlike jare sestig deur die oë van 'n sensitiewe jong seun. Met Fred Savage en Danica McKellar.
7.45 Revue Plus
Intekenare
8.00 Revue Plus
8.30 Code of Silence - Chuck Norris is AL WEER in 'n aaklige aksieprent!
10.05 Money Programme
10.30 Honky Tonk Freeway
12.15 Carte Blanche

## Beste wyn in Durban - 4